# DIE BEWEERDE ROLKONFLIK BY DIE GETROUDE ONDERWYSERES

Marietta Murray, B.A. (Bibl), H.O.D., B.Ed.

Skripsie voorgelê vir die gedeeltelike nakoming van die vereistes
vir die graad Magister Educationis in Onderwysbestuur
in die Departement Vergelykende Opvoedkunde en Onderwysbestuur
in die Fakulteit Opvoedkunde
aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Leier: Prof. P.C. van der Westhuizen

Potchefstroom

1994

′n Besondere woord van dank en waardering word aan die volgende persone en instansies betuig:

* Prof. P.C. van der Westhuizen, my studieleier, vir sy aanmoediging, geduld en bekwame leiding.
* Mev. E. Mentz vir haar vriendelike bereidwilligheid om statistiese hulp van uitstaande gehalte te verleen.
* Mev. Daleen Roos vir die tipografiese versorging.
* Die Natalse Onderwysdepartement vir die toestemming om ′n empiriese ondersoek by sekondêre skole in Natal te doen.
* Die hoofde van skole wat behulpsaam was met die invul van die vraelyste.
* Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die merietebeurs aan my toegestaan.
* My wonderlike pa, man en kinders wat praktiese hulp en aanmoediging gegee het gedurende my studiejare.

Aan God alleen die eer.

# OPSOMMING


Hierdie navorsing handel hoofsaaklik oor die volgende vrae:

* Wat is die aard van die vrou se rol in die samelewing?
* Wat is die aard van rolkonflik?
* Ervaar die getroude onderwyseres rolkonflik?

In die literatuurstudie is die aard van die vrou se rol in die samelewing, asook rolkonflik bespreek. Uit die literatuurstudie is ses verskillende terreine van rolkonflikbelewing geïdentifiseer, naamlik negatief binne die rol as moeder, die rol as onderwyseres en tussen die twee rolle en positief binne die rol as moeder, as onderwyseres en tussen die twee rolle. Daar is ook sprake van tyd-verwante, druk-verwante en gedrag-verwante rolkonflik.

'n Empiriese ondersoek is met behulp van 'n gestruktureerde posvraelys uitgevoer om te bepaal in watter mate die getroude onderwyseres rolkonflik ervaar.

In die slothoofstuk is 'n samevatting van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek gemaak. Daar is bevind dat daar slegs beweer kan word dat die getroude onderwyseres rolkonflik ervaar. Volgens hierdie navorsing is die belewing van haar dubbelrol oorwegend positief. Aanbevelings is gemaak met die oog op toekomstige navorsing.

// SUMMARY

**THE ALLEGED ROLE CONFLICT OF THE FEMALE MARRIED TEACHER**

The research centres mainly around the following questions:

* What is the nature of the role of the woman in society?
* What is the nature of role conflict?
* Does the female married teacher experience role conflict?

In the literature study attention was paid to the nature of the role of the woman in society and the nature of role conflict. Six areas of the experiencing of role conflict were identified: negative role conflict in the role as mother, as teacher and between the two roles and positive in the role as mother, as teacher and between the two roles. Conflict can be time-based, strain-based or behaviour-based.

An empirical research was conducted by means of a structured post questionnaire to determine to which extent the female teacher with children of her own experiences role conflict.

Finally a summary of the literature study and empirical study was made. It was found that the female married teacher has a positive attitude towards her dual role. The only areas where she experiences role conflict are time-based and strain-based. Suggestions were made with regard to future research.

# INHOUDSOPGAWE


Dankbetuigings .................................. ii

Opsomming .................................. iii

Summary .................................. iv

Lys van Tabelle .................................. xi

**HOOFSTUK 1 : ORIëNTERING**

1.1 Inleiding .................................. 1

1.2 Probleemstelling .................................. 1

1.3 Doel met die navorsing .................................. 4

1.4 Navorsingsmetodes .................................. 4

1.4.1 Literatuurstudie .................................. 4

1.4.2 Empiriese ondersoek .................................. 5

1.4.2.1 Vraelys .................................. 5

1.4.2.2 Populasie en steekproef .................................. 5

1.4.2.3 Statistiese analise .................................. 5

1.5 Struktuur van navorsingsverslag .................................. 6

1.6 Samevatting .................................. 6

**HOOFSTUK 2 : DIE AARD VAN DIE VROU SE ROL IN DIE SAMELEWING**

2.1 Inleiding .................................... 7

2.2 Begripsomskrywing van rol ....................... 7

2.3 Die aard van die vrou se rol volgens die Skrif ..... 10

2.4 Evolusionêre rolontwikkeling by die vrou ........... 12

2.5 Soorte rolle ..................................... 13

2.5.1 Die aard van die vrou se rol binne die huis ................................ 14

2.5.1.1 Die vrou as tuisteskepper .......... 14

2.5.1.2 Die vrou as moeder.................. 16

2.5.2 Die aard van die vrou se rol buite die huis ................................ 21

2.5.2.1 Perspektiefstelling ................ 21

2.5.2.2 Die evolusie van die onderwyseres se professionele rol ............... 23

2.5.2.3 Toekomsperspektief ................. 25

2.5.2.4 Sintese ........................... 26

2.6 Die vrou se rol vanuit 'n bestuursperspektief ...... 27

2.6.1 Oorsig ...................................... 27

2.6.2 Rolbenadering ............................... 30

2.6.2.1 Die bestuursrolbenadering van Mintzberg ........................ 30

2.6.2.2 Rolbeskrywing ..................... 31

2.6.2.3 Rolvoorskrifte .................... 31
2.6.2.4 Rolbegrip ......................... 32
2.6.2.5 Rolbesetting ...................... 32
2.6.2.6 Rolverwagting ..................... 33
2.6.2.7 Rolvernuwing ...................... 33
2.6.2.8 Rolverwarring ("Role ambiguity") ... 33
2.6.2.9 Rolkonflik ........................ 34

2.7 Samevatting ................................ 34

**HOOFSTUK 3 : DIE AARD VAN ROLKONFLIK**

3.1 Perspektiefstelling ........................ 36

3.2 Begripsomskrywing van rolkonflik ........... 37

3.3 Die oorsake van rolkonflik ................. 39
3.3.1 Intra-rolkonflik ......................... 41
3.3.1.1 Agtergrond ........................ 41
3.3.1.2 Faktore wat daartoe bydra dat die vrou binne die moederrol konflik ervaar ........................... 42
3.3.1.3 Faktore wat daartoe bydra dat die vrou in haar rol as onderwyseres konflik ervaar .................... 45
3.3.2 Inter-rolkonflik ......................... 50
3.3.2.1 Oriëntering ....................... 50
3.3.2.2 Tyd-verwante konflik .............. 52

3.3.2.3 Druk-verwante konflik ............. 53
3.3.2.4 Gedrag-verwante konflik ........... 54

3.4 Die gevolge van rolkonflik ...................... 55

3.5 Rolkonflik versus rolvervulling .................. 55

3.6 Sintese ........................................ 57

**HOOFSTUK 4 : EMPIRIESE ONDERSOEK**

4.1 Inleiding ...................................... 60

4.2 Navorsingsontwerp ............................... 60
4.2.1 Die vraelys ............................. 60
4.2.2 Konstruksie van die vraelys ................ 61
4.2.3 Loodsondersoek .......................... 63
4.2.4 Finale vraelys .......................... 63
4.2.5 Administratiewe prosedures ................ 63
4.2.6 Populasie en steekproef .................... 64
4.2.7 Statistiese tegniek ....................... 65

4.3 Interpretering van data ......................... 66
4.3.1 Algemeen ............................... 66
4.3.2 'n Ontleding van die respondente se biografiese gegewens ........................ 66
4.3.3 Response oor negatiewe rolkonflik binne die moederrol ....................... 70

4.3.4 Response oor positiewe rolkonflik binne die moederrol ........................ 72

4.3.5 Response oor negatiewe rolkonflik binne die onderwysrol ...................... 74

4.3.6 Response oor positiewe rolkonflik binne die onderwysrol ...................... 76

4.3.7 Response oor negatiewe rolkonflik tussen die twee rolle ...................... 78

4.3.8 Response oor positiewe rolkonflik tussen die twee rolle ...................... 80

4.3.9 Gemiddelde rangorde oor negatiewe rolkonflik ................................ 82

4.3.10 Gemiddelde rangorde oor positiewe rolkonflik ............................... 85

4.4 Verdere ontledings ........................ 87

4.5 Samevatting ............................... 87

**HOOFSTUK 5 : SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS**

5.1 Inleiding .................................. 88

5.2 Samevatting ................................ 88

5.3 Bevindinge ................................. 89

5.3.1 Ten opsigte van navorsingsdoelwit 1 ........ 89

5.3.2 Ten opsigte van navorsingsdoelwit 2 ........ 90

5.3.3 Ten opsigte van navorsingsdoelwit 3 ........ 90

5.4 Aanbevelings ........................................ 93

5.5 Slot ........................................ 94

**BIBLIOGRAFIE** ........................................ 95

**BYLAE A**

Toestemmingsbrief van die Uitvoerende Direkteur:

Natalse Onderwysdepartement

**BYLAE B**

Brief aan skoolhoofde

**BYLAE C**

Vraelys

# LYS VAN TABELLE


Tabel 4.1 Terugvoerrespons

Tabel 4.2 Biografiese inligting

Tabel 4.3 Response oor negatiewe rolkonflik binne die moederrol

Tabel 4.4 Response oor positiewe rolkonflik binne die moederrol

Tabel 4.5 Response oor negatiewe rolkonflik binne die onderwysrol

Tabel 4.6 Response oor positiewe rolkonflik binne die onderwysrol

Tabel 4.7 Response oor negatiewe rolkonflik tussen die twee rolle

Tabel 4.8 Response oor positiewe rolkonflik tussen die twee rolle

Tabel 4.9 Gemiddelde rangorde oor negatiewe rolkonflik

Tabel 4.10 Gemiddelde rangorde oor positiewe rolkonflik

# HOOFSTUK 1

# ORIëNTERING

## 1.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan die probleemstelling en die doel met die navorsing word uiteengesit. Die navorsingsmetodes, wat 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek insluit, word kortliks genoem. Daar word verder ook verwys na die hoofstukindeling.

## 1.2 Probleemstelling

Daar is 'n toenemende toetrede van vroue tot die arbeidsmark (veral weens ekonomiese druk) en daarom is dit belangrik dat daar besin sal word oor die dubbelrol van die werkende moeder - ook in die onderwysprofessie. Die tradisionele opvatting onder Suid-Afrikaners is dat daar 'n rolkonflik bestaan tussen beroepsvrou en tuisteskepper (Cronje, 1982:23). Laasgenoemde word deur Greyvenstein (1989:19) bevestig wanneer sy beweer dat die eietydse samelewing nog nie so ver gevorder het om te aanvaar dat dit 'n natuurlike fenomeen is vir 'n vrou om ook (as sy dit sou verkies) beide tuisteskepper en doeltreffende beroepsvrou te wees nie.

Volgens De Witt (1990:570) is in resente navorsing aangetoon dat blanke Suid-Afrikaanse vroue aansienlik meer tradisioneel ingestel is ten opsigte van stereotipe geslagsrolle as byvoorbeeld vroue in die VSA.

Daar is reeds in Suid-Afrika navorsing gedoen oor die rolkonflik van die vrou in die arbeidsmark (Cronje, 1982), maar nie oor dié by die onderwyseres nie. Aangesien die onderwys en die huisgesin die opvoeding van die kind as doelstelling het, en met oorsese navorsing as voorbeeld, sou die dubbelrol van die onderwyseres in hierdie verband veral in oorweging geneem kon word.

Van der Westhuizen en Hillebrand (1990:271) noem die kwessie van rolkonflik wanneer dit gaan om die faktore wat die werkmotivering van die onderwyseres beïnvloed. Die positiewe sowel as negatiewe invloed wat hierdie dubbelrol kan uitoefen, word hier ook aangeraak.

Navorsers in die buiteland het tot uiteenlopende gevolgtrekkings gekom in verband met die dubbelrol van die beroepsvrou. Gehrke (1982:42) wys in haar navorsing daarop dat daar soms by die onderwyseres 'n skuldgevoel is wanneer sy verdeelde aandag aan haar huis en beroep moet bestee. Aanvullend hierby bevind Coffey (1985:28) dat die feit dat baie getroude vroue met kinders ook vennote is in 'n huwelik waar albei gades beroepe volg, daartoe bygedra het dat probleme in werk- en gesinsrolverwagtinge ondervind word. As gevolg daarvan getuig werkende gades van frustrasie met rolkonflikte, 'n gebrek aan tyd en energie en algemene spanning of stres. Na 'n twee jaar lange navorsingsprojek waarin Spencer (1984) die invloede van beide die huis en skool op die onderwyseres bestudeer het, het tot die gevolgtrekking gekom dat alle onderwyseresse tuis beïnvloed word deur skoolverwante take - dus 'n altyd teenwoordige realiteit. Net so word die skoolomgewing beïnvloed deur huislike aangeleenthede.

Hierteenoor is verskillende navorsers dit eens dat wanneer daar oor die beroepsrol van die vrou en rolkonflik besin word, dit in die meeste gevalle bespiegelings is. Schmuck (1987:3) beweer byvoorbeeld dat, wanneer vroue as studie-objekte bestudeer word, vroeëre teorieë nie meer geldig is nie. Ortiz en Marshall (1988:135) beweer in verband met die situasie van die vrou in die onderwys dat mites, bygelowe, tradisies en gewoontes 'n vooropgestelde opinie oor die vrou in die onderwys gevestig het. Ook Shakeshaft (1987:113) lewer 'n betekenisvolle bydrae deur daarop te wys dat vroue sekere hindernisse het op die pad van loopbaanvordering vanweë vooropgestelde idees wat daar by owerhede bestaan in verband met beroepslewe en huisvrou wees. In die navorsing van Claesson en Brice (1989:1) is tot die gevolgtrekking gekom dat die rolle van beroepsvrou en tuisteskepper nie noodwendig in konflik hoef te wees nie. Drie belangrike aspekte word deur hulle uitgelig:

* Die rolle van moeder en onderwyseres is komplementêr en daar kan interaksie tussen die twee rolle wees, wat tot voordeel van alle partye kan strek.
* Verwagtinge waaraan voldoen moet word is in beide gevalle twyfelagtig en, in sommige omstandighede, onrealisties hoog.
* Onderwyser/ma's was oortuig daarvan dat die dubbelrol dieper insig en groter vaardighede tot gevolg gehad het.

Uit voorafgaande blyk dus dat daar nog nie uitsluitsel is of daar wel rolkonflik by die onderwyseres voorkom en in hoe 'n mate dit voorkom nie.

In hierdie navorsing is die volgende probleemvrae rondom rolkonflik duideliker belig:

* Wat is die aard van die getroude vrou se rol as moeder en onderwyseres?
* Wat is die aard van die rolkonflik tussen die rol as moeder en onderwyseres?
* Ervaar die onderwyseres self die sogenaamde rolkonflik?

## 1.3 Doel met die navorsing

Die volgende doelwitte is vir hierdie navorsing gestel:

Doelwit 1: om vanuit die literatuur te bepaal wat die aard van die rol van die vrou as moeder en van die vrou as onderwyseres is

Doelwit 2: om vanuit die literatuur te bepaal wat die sogenaamde rolkonflik tussen die rol as moeder en onderwyseres behels

Doelwit 3: om empiries te bepaal of die onderwyseres die sogenaamde rolkonflik self ervaar.

## 1.4 Navorsingsmetodes

### 1.4.1 Literatuurstudie

Die doel met die literatuurstudie was om vas te stel wat die moeder en onderwyseres se rolle behels. Daar is uit die verskillende bronne vasgestel wat ander navorsers in verband met rolkonflik bevind het. 'n DIALOG-soektog is onderneem met behulp

van die volgende trefwoorde:

teacher/schoolteacher/educator/conflict/role conflict/family/families/home

### 1.4.2 Empiriese ondersoek

#### 1.4.2.1 Vraelys

Op grond van die literatuurstudie en bestaande vraelyste soos dié van Claesson oor die beweerde rolkonflik is 'n nuwe vraelys ontwikkel. Die doel van die vraelys was om vas te stel in watter mate die onderwyseres die sogenaamde rolkonflik ervaar.

#### 1.4.2.2 Populasie en steekproef

Die populasie is alle onderwyseresse op posvlakke 1 en 2 met kinders van hul eie in tydelike of permanente poste in sekondêre skole onder jurisdiksie van die Natalse Onderwysdepartement (n = 590).

#### 1.4.2.3 Statistiese analise

Die data van die vraelyste is met behulp van 'n hoofraamrekenaar van die PU vir CHO ingesleutel. Die verwerking van die data is met behulp van 'n SAS-rekenaarprogrampakket gedoen (SAS Institute Inc., 1985). Frekwensies is bepaal met die "Freq-procedure" van SAS en die gemiddeldes met die "Means procedure" van SAS.

## 1.5 Struktuur van navorsingsverslag

Hoofstuk 1: Oriëntering

Hoofstuk 2: Die aard van die vrou se rol in die samelewing

Hoofstuk 3: Die aard van rolkonflik

Hoofstuk 4: Empiriese ondersoek

Hoofstuk 5: Samevatting, bevindinge en aanbevelings

## 1.6 Samevatting

Nadat die probleemstelling, die doel met die navorsing, die navorsingsmetodes en hoofstukindeling in hierdie hoofstuk uiteengesit is, sal daar in hoofstuk 2 aandag gegee word aan die aard van die vrou se rol in die samelewing.

# HOOFSTUK 2

# DIE AARD VAN DIE VROU SE ROL IN DIE SAMELEWING

## 2.1 Inleiding

Deur loop van eeue het die rol van die vrou in die samelewing aansienlik verander. Elke gemeenskap stel ook diverse eise aan die vrou, volgens die behoeftes van die maatskappy en die gesinslewe. Wanneer daar dus oor die aard van die vroulike rol besin word, is dit belangrik om perspektief te kry oor die ontwikkeling daarvan vanaf die Bybelse tyd tot in die huidige tydvak.

In hierdie hoofstuk sal die vrou se rol in die samelewing, beide binne en buite die huislike omgewing nagegaan word. Daar sal onder andere uit die literatuur bepaal word hoe die aard van die vrou se rol deur die loop van eeue verander het en watter eise daar aan haar gestel is.

Vervolgens sal die rol van die getroude vrou, soos dit veral in die onderwys van toepassing is, bespreek word. Dit sal vanuit 'n bestuursperspektief gedoen word.

## 2.2 Begripsomskrywing van rol

Volgens die HAT is 'n rol 'n funksie wat iemand of iets in bepaalde omstandighede vervul. Van der Westhuizen (1990:93) wys daarop dat die rol van die onderwysleier voortdurend herdefinieer moet word in sy daaglikse omgang met mense. Cronje (1982:22) is

van mening dat uitdagende professionele interaksie help om 'n innerlike sin van rolbevoegdheid te ontwikkel, wat dan weer die individu se werk sal bevorder. Volgens Hillebrand (1989:91) sal die dogter se identifikasie met die moederfiguur waarskynlik lei tot 'n tradisionele of vroulike rol-ideologie, terwyl identifikasie met die vaderfiguur tot 'n kontemporêre rol ideologie sal lei.

Van der Walt (1987:36) is van mening dat, hoewel daar verskillende betekenisse aan die begrip "rol" geheg word, die algemeenste betekenis waarskynlik uit die teaterwêreld kom, waar die akteur volgens die verwagtings of voorskrifte van die skrywer en die regisseur 'n bepaalde rol vertolk. Sy/haar eie belewenis of verwagting van die rol gee egter ook betekenis aan die rol. Na analogie van die teater beteken dit dat die rol wat 'n persoon in die samelewing vervul, gekoppel word aan bepaalde norme, dit wil sê grondreëls vir gedrag, wat deur die gemeenskap aan 'n spesifieke posisie of situasie gekoppel word. Cronje (1982:49) is van mening dat die begrip "rolkonsep" verwys na 'n evaluerende opvatting van hoe 'n individu in 'n gegewe situasie behoort op te tree. Vroue se rolverwagting (net soos mans s'n) is die resultaat van hul sosiaal-kulturele kondisionering in geskikte rolgedrag, met ander woorde, wat "pas" by die vrou en wat "pas" nie. Reeds as klein dogtertjie leer sy wat as vroulik beskou word en aanvaar dan hierdie tradisionele rol. Volgens Gramley (1990:2) het elke persoon sy eie persepsie ten opsigte van sy betrekking, status en rol wat hy in die samelewing vervul. Flippo (1976:118) is van mening dat die term "rol" baie meer omvattend is as "pos". 'n Rol omsluit die totale patroon van verwagte gedrag, interaksie en sentimente van 'n persoon in 'n spesifieke pos. Hierdie rol hang

ook ten nouste saam met die status wat die persoon binne 'n spesifieke organisasie het. Die rol van die onderwysleier behels onder andere doeltreffendheid, tevredenheid, leierskap en moreel en rolverwagtinge kan van skool tot skool verskil.

Newman, Summer en Warren (1972:146) beweer dat beroepe per sé dikwels tradisionele rolle impliseer. Mense het vooropgestelde idees oor hoe persone in spesifieke rolle behoort op te tree. Met ander woorde, elke gevestigde rol het 'n sterk invloed op die persoon in die rol. Daar word van 'n bruid verwag om die pligte van 'n huisvrou te aanvaar, predikante om 'n toonbeeld van waardigheid te wees, skeepskapteine om streng dissipline te handhaaf en voetbalafrigters om drywers te wees, met die wenmotief hul enigste doelwit. Volgens Kast en Rosenzweig (1974:288) word 'n individu se bestaan komplekser wanneer daar van hom verwag word om te veel rolle in die samelewing te vervul. Met betrekking tot getroude persone is daar sprake van 'n dubbelrol, dié van beroepsmens en dié van eggenoot/ouer (Mahler, 1989:178).

In haar navorsing oor faktore wat die beroepsdeelname van getroude vroue beïnvloed, het Van der Walt (1987:108) blankes, Asiërs en kleurlinge in die RSA betrek. 'n Vergelyking van die persepsies van mans en vroue oor die rol van die getroude vrou het getoon dat die persepsies van die mans van elke bevolkingsgroep relatief konserwatiewer is as dié van die vroue ten opsigte van die volgende aspekte: versorging van die man en kinders, broodwinning, die huishouding, hoof van die gesin en kinderversorging. Die ekonomiese betrokkenheid of nie van die vrou het in die meeste gevalle 'n bepalende rol gespeel in die persepsie van die mans en

vroue ten opsigte van die rol van die vrou. Ekonomies bedrywige vroue of mans wie se vroue ekonomies bedrywig was, was meer geneig om egalitêr te wees in hul persepsies van die rol van die getroude vrou terwyl die nie ekonomies bedrywige vroue meer tradisioneel georiënteer was. Verder het die opvoedkundige kwalifikasiepeil van die vroue en mans 'n groot rol gespeel in hul rolpersepsie. Hoër gekwalifiseerde persone was meer egalitêr in hul rolpersepsie teenoor die meer tradisionele rolpersepsie van laer gekwalifiseerde persone. Verskille tussen die drie bevolkingsgroepe was ook verantwoordelik vir verskille in rolpersepsie.

Uit bogenoemde kan rol nou soos volg omskryf word: Dit is die persoon se verwagte wyse van optrede in 'n spesifieke omgewing en sluit die totale patroon van verwagte gedrag, interaksie en sentimente van die persoon in. Hierdie verwagtinge word ondersteun deur die persepsie wat ander persone met wie daar in 'n gegewe situasie in aanraking gekom word, van die optrede van die persoon het.

## 2.3 Die aard van die vrou se rol volgens die Skrif

In die begin, toe God die aarde geskape het, het Hy self gesien dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie, daarom het Hy vir hom 'n hulp gemaak wat by hom pas (Gen. 2:18).

In Genesis 3 word die opdrag aan die man gegee om te werk en sodoende vir sy gesin te sorg, terwyl die vrou kinders in die wêreld moet bring.In Genesis 1:28 word daar aan die mens 'n kultuuropdrag gegee: "Wees vrugbaar, word baie, bewaar die aarde en bewerk dit. Heers oor..." Volgens Van der Walt (1985:45) is

dit duidelik dat hierdie kultuuropdrag in sy geheel (dus ook die heerskappy oor die aarde) ook vir die vrou geld. God beperk haar opdrag nie tot "wees vrugbaar, word baie" nie. Reg deur die Bybel is die vrou se plek aan die sy van haar man en haar taak die volvoering van huislike pligte (Spreuke 31: Die deugsame vrou). Ook in die Nuwe Testament kry die vrou die opdrag om aan haar man onderdanig te wees (Efes. 5:24). Volgens die Skrif is dit dus duidelik dat die vrou 'n spesifieke rol en taak het wat sy moet verrig en hierdie opdrag het veral betrekking op die huis en die gesin.

Van der Walt (1985:52) kom tot die gevolgtrekking dat die vrou in die Bybelse tyd 'n belangriker rol in die kerk en samelewing gespeel het as wat daar soms gedink word. Verskeie voorbeelde kan vanuit die Skrif genoem word. 'n Vrou kan 'n regter wees (Rigters 4:4), bestuurder van 'n landgoed (Spreuke 31:14-24), 'n profetes (2 Kon. 22). Uit die Nuwe Testament blyk hoe 'n belangrike rol vroue in die kerk gespeel het. Febe (Rom. 16:2) was 'n diakones. In dieselfde hoofstuk noem Paulus ook nog 'n hele aantal ander vroue wat hom in die verkondiging van die evangelie gehelp het: Trifena en Trifosa, Olimpas en Priska, die vrou van Akwila. Volgens Van der Walt (1985:52) help laasgenoemde egpaar ons, alreeds 2 000 jaar gelede, om baie van ons stereotiepe rolverdeling tussen die geslagte in die kerk te laat vaar. Dikwels word daar tot die gevolgtrekking geraak dat, omdat die man die hoof (gesagsdraer) in die huwelik is, hy ook in ander samelewingsverbande oor die vrou moet regeer.

Vanuit bogenoemde kan dus afgelei word dat die vrou nie op grond

van die Skrif as minderwaardig beskou mag word nie. Haar werkruimte in die wye koninkryk van God mag nie beperk word nie. Daar is ook nêrens in die Skrif 'n pertinente opdrag dat die vrou nie buite die huis mag werk nie.

## 2.4 Evolusionêre rolontwikkeling by die vrou

Greyvenstein (1989) bevind in haar navorsing dat daar met verloop van eeue verskillende fases in die rolpersepsie van die vrou was. Tot met die laat bronstydperk het vroue regeer in 'n matriargale wêreld. Die vrou se oppergesag is gegrond op die misterieuse karakter wat haar rol as geboortegewer en soms selfs heks, aan haar verleen het.

In die vroeë Griekse en Romeinse tye het mans meer op die voorgrond getree as intelligenter en groter gesagsdraers, terwyl die vrou se rol geïdealiseer is as dié van vrou en moeder, met weinig of geen opleiding as vereiste nie.

In die Ou Testamentiese tye word die vrou gesien as gevorm uit die man, dit wil sê 'n sekondêre skepsel. Die patriargale stelsel bly dus voortbestaan. Volgens Van der Walt (1985:49) het Christus nooit in sy prediking die vrou as ondergeskik of minderwaardig teenoor die man uitgewys nie.

Gedurende die Middeleeue het die status van die vrou wat formele onderwys betref, nie veel verbeter nie. Deur vroue in die huis te hou, is hulle beskerm van die korrupsie van die buitewêreld (Greyvenstein, 1989:27). Ook in die Renaissance is die vrou nog

ondergeskik. In die sestiende eeu skryf Erasmus van Rotterdam:

Ek weet nie wat die rede is nie, maar net soos 'n saal nie geskik is vir 'n os nie, só is opleiding nie geskik vir 'n vrou nie (Greyvenstein, 1989:27).

In Luther en Calvyn se tyd bly die opvatting bestaan dat die man meer intelligent is as die vrou en dat haar rol beperk is tot eggenote en huisvrou (Van der Walt, 1987:12). In die meer ontwikkelde lande is basiese onderwys van vroue eers gedurende die middel van die agtiende eeu ingevoer - ook met sekere voorbehoude (Greyvenstein, 1989:29). Verskeie navorsers is dit eens dat daar in die afgelope dekades radikale veranderinge plaasgevind het ten opsigte van die gelykberegtiging van die vrou (Ortiz en Marshall, 1988; Greyvenstein, 1989; Hillebrand, 1989; Van der Westhuizen en Hillebrand, 1990).

Vervolgens sal die aard van die moderne vrou se rolle binne en buite die huis ondersoek word.

## 2.5 Soorte rolle

Wanneer die vrou se rol vanuit 'n Skriftuurlike perspektief bestudeer word, is dit duidelik dat daar vanaf die vroegste tye en deur die loop van eeue verskillende verwagtinge aan haar gestel is. Verskeie navorsers beklemtoon ook die feit dat die samelewing 'n invloed het op die aard van haar rol (Shakeshaft, 1987; Ortiz en Marshall, 1988; Greyvenstein, 1989; Van der Westhuizen en Hillebrand, 1990).

Die tradisionele opvatting is dat die vrou eerstens tuisteskepper is. Volgens De Witt (1990:570) blyk uit resente navorsing dat blanke Suid-Afrikaanse vroue aansienlik meer tradisioneel ingestel is ten opsigte van stereotiepe geslagsrolle as byvoorbeeld vroue in die VSA.

Die vrou se rol in die samelewing kan egter nie eng afgebaken word nie; daar is 'n kompleksiteit van rolle wat sy moet vervul. Die soeklig word vervolgens op 'n aantal van hierdie rolle gefokus. Daar sal veral gelet word op die twee vernaamste terreine waar die vrou werksaam is, naamlik binne en buite die huis.

### 2.5.1 Die aard van die vrou se rol binne die huis

#### 2.5.1.1 Die vrou as tuisteskepper

Wanneer Van der Walt (1985:17) hom oor die vrou in die huwelik uitspreek, verduidelik hy wat vroeër van die vrou verwag is: sy is soos 'n spyker in die muur ingeslaan ... sy sit in die huis. Volgens hom het die heidene Venus op 'n seeskulp voorgestel, want net soos die slak sy huis saam met hom dra, so moet die vrou by die huis bly en vir die huishouding sorg.

In navorsing deur Coffey (1985:30) is bevind dat, alhoewel mans al hoe meer huistake op hulle neem, die vrou steeds die primêre tuisteskepper is. Beide mans en vroue het in hierdie navorsing beweer dat die vernaamste huishoudelike taak wat deur die man gedoen, of gedeel word, die bestuur van finansies is. Christenson (1977:31) sien die rol van die vrou soos volg: Sy is bekwaam,

ambisieus, 'n gewillige werkster. Sy is goed, verstandig, betroubaar, opgeruimd, sorg vir haar huis . Sy weet wat sy werd is. Sy gebruik haar intelligensie, liggaamskragte en Godvresende karakter ten goede. Sy maak die lewe ryk vir haar man, haar kinders, en die armes en behoeftiges buite die familiekring.

Volgens Van Niekerk (1988:20) kan dit kwalik ontken word dat stereotiepe denkbeelde vandag nog in die alledaagse lewe die posisies van beide man en vrou bepaal, ten spyte van die formele gelykberegtiging van mans en vroue op baie terreine. Dit kom veral in die private sfeer van die huwelik en gesin na vore, waar die tradisionele patriargale stelsel nog ver van uitgeroei is, 'n stelsel wat soms wel 'n bietjie geskud word deurdat die ekonomiese situasie die vrou noodsaak om te gaan werk. Van der Walt (1985:53) bepleit dat die vrou nie lewenslank tussen die vier mure van haar huis - met haar man as bewaarder - as vrou, moeder, verpleegster, kok, huishoudster opgesluit moet word nie. Volgens hom hoef die moderne vrou haar geensins tot die tradisionele vrouerolle te beperk nie.

Verskeie navorsers kom tot die gevolgtrekking dat 'n toenemende aantal vroue nie meer geneë is om bloot as huisvroue en moeders beskou te word nie. Hulle betree nou beroepe, sommige waarvan voorheen slegs deur mans beklee is (Cronje, 1982; Greyvenstein, 1989; Coffey, 1985; Lemmer, 1987).

Uit voorafgaande is dit dus duidelik dat die moderne vrou nog steeds 'n uiters belangrike rol het as tuisteskepper en dat daar van haar verwag word om hierdie rol met waardigheid te vervul.

Benewens haar rol as tuisteskepper vervul die getroude vrou egter ook haar rol as eggenote en moeder binne die huis.

### 2.5.1.2 Die vrou as moeder

Aansluitend by haar rol as tuisteskepper is die vrou ook, baie meer as die man, betrokke by die versorging van die kinders (Christenson, 1977:45). Volgens Conradie (1983:21) is dit noodsaaklik dat die moeder haarself as 'n aparte, geïntegreerde persoon moet beleef. Sy is 'n persoon in eie reg en moet daarop gesteld wees om te alle tye haar identiteit te behou. As 'n vrou vir haar identiteit van haar man afhanklik is, byvoorbeeld van sy status en persoonlikheid, kan sy later net sy skaduwee word en haar unieke persoonlikheid verloën. Haar moederrol behels onder andere die koestering van die kind, die skep van 'n gevoel van geborgenheid, asook om 'n gevoel van veiligheid te skep (Nel en Steyn, 1985:3).

Cronje (1982:62) wys daarop dat dit veral kinders jonger as agtien jaar is wat 'n sterker invloed op die moeder se loopbaan uitoefen en dan veral met betrekking tot die tyd wat van haar verwag word om aan haar rol van huisvrou en moeder te bestee. Conradie (1983:20) bevestig bogenoemde en voeg by dat die moeder die belangrikste opvoeder is wat die kind ooit in sy lewe sal hê.

Volgens Nel en Steyn (1985:5) moet daar in die kind se opvoeding voorsiening gemaak word vir die innerlik positiewe, vir die nodige rustigheid, asook die logiese en sistematiese hantering van sake. Slegs wanneer die kind 'n gevoel van sekuriteit ontwikkel, verkry

hy 'n vaste fondament waarop hy sy toekoms kan bou. Binne die moederrol het die vrou verder ook 'n aantal sekondêre rolle om vol te staan (Vrey, 1979; Conradie, 1983; Nel en Steyn, 1985).

* Fisiese versorger

Volgens Burton (1983:123) is dit moontlik dat sekere hormone, gekoppel aan swangerskap, kindergeboorte en laktasie, kan bydra tot die "gereedheid" van die vrou om haar kind fisies te versorg. Conradie (1983:21) meen ook dat die biologiese feite van swangerskap, geboorte en moederskap die moederrol bepaal. Al die kind se lewensfunksies, byvoorbeeld eet, drink, ontlasting, aantrek, vind in 'n sosiale omgewing plaas. Die moeder, wat vir die meeste van die lewensfunksies verantwoordelik is, is ook die inleier van die kind in die verhoudingslewe. Omdat al hierdie behoeftes ook 'n morele karakter het, lê die moeder se invloed op die morele houding van die kind baie diep. Die moeder se houding oor die lewe word onbewus aan die kind oorgedra. As die moeder spanning ten opsigte van kos belewe, kan dit die kind se houding oor eet beïnvloed (Conradie, 1983:24).

Wanneer kinders siek is, is dit gewoonlik die moeder se taak om hulle dokter toe te neem en saam met hulle tuis te bly (Van Wyk, 1983:34). Van Rensburg (1981:31) beklemtoon die feit dat die moeder 'n uiters belangrike rol het wanneer 'n kind gehospitaliseer word. Hy bepleit dat die beginsel van die inwonende moeder, veral by die voorskoolse kind, hospitaalbeleid moet wees.

Liggaamlike versorging is besonder belangrik by die ontwikkeling

van 'n goeie selfbeeld. Die hoeksteen wat gelê word by die bou van die selfbeeld is persoonlike voorkoms, kleredrag en goeie gesondheid (Nel en Steyn, 1985:22).

Vanuit bogenoemde kan daar dus afgelei word dat die liggaamlike versorging van die kind van sy geboorte tot sy volwassewording uitsluitlik op die moeder neerkom. Die liggaamlike versorging van die kind is egter nie die moeder se enigste taak nie, sy is ook die geestelike en emosionele versorger.

* Geestelike en emosionele versorger

Die moeder speel ook 'n belangrike rol in die stabiele gevoelsontwikkeling van die kind (Nel en Steyn, 1985:24). Hy moet onder andere geleer word hoe om in verskillende situasies verdraagsaam, vriendelik en kalm op te tree. Wanneer hy die nodige selfbeheersing het, sal hy ook homself in die samelewing met die nodige selfvertroue kan laat geld.

Calvyn (Van der Walt, 1985:29) druk dit spesiaal op die hart van die vroue van sy tyd dat die pad van die geloof deur moederskap en daaglikse nederige huislike pligte gaan. Volgens hom het hulle moeitevolle huiswerk vir God meer waarde as baie van die sogenaamde groot prestasies wat mense se bewondering wegdra. Die kind se geloofsekerheid word dus aanvanklik deur die moeder binne die huislike milieu gevestig. Daarbenewens beklemtoon Conradie (1983:23) die feit dat, om die moederrol te verskraal tot die verskaffing van kos en klere, uiters verarmend is. Die moeder is in 'n groot mate vir die emosionele klimaat van haar huis

verantwoordelik. Om liggaamlik en geestelik heel en gesond te wees, beteken 'n geïntegreerde emosionele, fisieke en psigiese lewe van die kind. Die vrou en moeder is psigies in 'n besondere mate toegerus om hierdie kwaliteit aan die lewe te gee. Haar eie gemoedstoestand is baie belangrik, want as dit positief is, verskaf sy 'n klimaat in haar huis waarin almal kan gedy.

Carew (1980:174) kom tot die gevolgtrekking dat die moeder se inter-aktiewe gedrag met die suigeling 'n sterk invloed uitoefen op die baba se sosiale en emosionele ontwikkeling - 'n waarheid wat in baie navorsing al as 'n wetenskaplike feit bewys is. Volgens Vrey (1979:68) is dit die opvoeder wat aan die kind die geborgenheid en toenemende emosionele sekuriteit moet gee. Die kind wil beleef dat hy aan sy ouers toebehoort. Hierdie toebehorenheid het die kenmerk van liefde en vriendskap. As die kind nie aanvaarding en liefde kry nie, beleef hy verwerping.

Die moeder, as primêre opvoeder, het benewens haar rol as fisiese en emosionele versorger van die kind, die verantwoordelikheid om om te sien na die kind se intellektuele versorging. Daar sal vervolgens gelet word op die aard van die moeder se rol as intellektuele versorger.

* Intellektuele versorger

Die preverbale kindjie (kind voor hy kan praat) beleef homself deur sy moeder, omdat hy homself nog nie apart van haar beleef nie (Conradie, 1983:24). Volgens Roth (1983:108) moet die baba eers kennis dra en begrip hê van dinge en gebeure om daaroor te kan

praat. Hierdie kennis is weer afhanklik van die mate van kognitiewe en sosiale aansporing (veral van die moeder) wat die baba geniet.

Otto (1983:151) beklemtoon die belangrikheid van 'n stimulerende huislike omgewing op die ontwikkeling van die kind se taalvermoë. Dit is die ouers (en veral die moeder) se plig om die kind klank-, spraak- en taalbewus te maak. Regstreekse stimulering deur gesprek, stories, musiek en meedoen aan uitstappies en aktiwiteite is noodsaaklik. Die tyd, liefde en aandag wat 'n ouer aan die ontwikkeling van sy kind se kommunikasievermoëns bestee, is 'n belegging vir die kind se menswees wat nie in geldwaarde gemeet kan word nie (Otto, 1983:152).

Van Wyk (1983:153) meen ook dat kommunikasie die kanaal is waardeur die kind aangemoedig word om te redeneer, vrae te stel, te dink en begrip te vorm.

Volgens Vrey (1979:160) is opvoedende kommunikasie ondenkbaar sonder denke. Daarby moet die kind in staat wees om elke opvoedings- en onderwyshandeling sinvol te kan internaliseer. By die ontwikkeling van die kind se intellektuele vermoëns is die moeder intens betrokke. Deur middel van taal word objekte, konsepte, veralgemenings en verhoudings vir die kind ontsluit en ontwikkel sy denkpatroon.

Uit voorafgaande blyk dit dus dat elke ouer vir sy/haar kind die beste opvoeding behoort te gee, ook op intellektuele gebied. Daarom is dit 'n deel van die moeder se plig om toe te sien dat

die kind skolasties na die beste van sy vermoë presteer. Dit doen sy deur hom by te staan met sy tuiswerk en te sorg dat die verhouding tussen die skool en die huis harmonieus is.

Benewens die verskillende rolle wat die getroude vrou as moeder moet vertolk, is sy soms genoodsaak, of verkies sy, om ook buite die huis 'n professionele beroep te beoefen. Die aard van die vrou se rol buite die huis sal vervolgens nagegaan word.

### 2.5.2 Die aard van die vrou se rol buite die huis

#### 2.5.2.1 Perspektiefstelling

Daar is in die talle publikasies wat reeds verskyn het in verband met die vrou se professionele rol, veral aandag gegee aan sake soos die volgende (De Witt, 1990:536):

* Die vrou as onlosmaaklike deel van die arbeidsmag
* Die gelykberegtigingsideaal vir vroue in die werkerskorps
* Bevorderingsmoontlikhede vir die vrou in erkende professies
* Beroepsoriëntering van die dogter.

Die tradisionele opvatting dat die beroepsvrou minderwaardig is aan haar manlike eweknie, is geleidelik besig om te verdwyn (Van der Walt, 1985:49). Sommige navorsers huldig egter nog steeds die mening dat vroue 'n deel van hul vroulikheid moet inboet om suksesvolle beroepsvroue te wees (Stansbury, Thomas en Wiggins, 1984:102). Daarby word ook aanvaar dat gesinne die man in sy beroepsrol beter ondersteun as die vrou in hare.

Dat die moderne vrou meer beroepsgerig is as vroeër, is egter nie te betwyfel nie. In haar ondersoek getiteld "Die 'nuwe' rol van die vrou in die onderwysstelsel van blankes in die Republiek van Suid-Afrika" het Tertia King (1981) bevind dat vroue in 1980 nie minder nie as 71% van die totale blanke onderwyserskorps van die Republiek uitgemaak het, terwyl mans slegs 29% van dié poste gevul het. Dit is veral betekenisvol as daarop gelet word dat hierdie persentasies sestig jaar vroeër (in 1920) onderskeidelik 53,8% en 46,2% was. In dié tydperk het die persentasie vroue dus toegeneem met 17,2%, terwyl die getalle van manspersoneel met 16,6% afgeneem het.

Bogenoemde opvattings word weer deur verskeie navorsers weerspreek. Tully (1989:1) beweer byvoorbeeld dat vroue nie slegs in bepaalde behoeftes van die leiersproses vervul nie; hulle beskik ook oor 'n unieke perspektief wat in alle fasette van leierskap aangewend behoort te word. Ook Shakeshaft (1987) lewer 'n waardevolle bydrae wanneer sy die vrou se leierrol in die onderwys nagaan. Haar gevolgtrekking is dat die vrou se unieke karaktertrekke slegs haar leierskapstyl beïnvloed, en nie noodwendig nadelig nie. Lemmer (1987:57) is van mening dat menslike gedrag geensins eksklusief manlik of vroulik geëtiketteer mag word nie; dit kan slegs in die algemeen as meer tipies van 'n spesifieke geslag gedefinieer word.

Verskeie navorsers het bevind dat daar, ten spyte van 'n positiewer houding teenoor die vrou in die onderwys, nog steeds 'n onder-verteenwoordiging van vroue in bestuursposte is. Leonard en Papa-Lewis (1989:189) wys daarop dat daar tussen 1964 en 1984

'n toename vanaf 13% na 47% vroue in die onderwys in die VSA doktorsgrade ontvang het. Tog het die aantal vroue in bestuursposte gedurende dieselfde tyd afgeneem. Curcio, Morsink en Bridges (1989:152) kom tot die gevolgtrekking dat die aantal vroue met doktorsgrade besonder hoog is: 35% van alle doktorsgraadhouers in die VSA is vroulik. Tog bevind dieselfde navorsers dat, op die terrein van die onderwys, alhoewel daar meer vroue as mans is, die meerderheid onderwysleiers steeds mans is - 95.8% van alle superintendente, 93.4% sekondêre skoolhoofde en 81.8% primêre skoolhoofde.

Dit blyk dus dat daar op die gebied van die onderwys opnuut oor die rol van die vrou besin sal moet word. Dit is egter eerstens noodsaaklik om die posisie van die vrou in die afgelope eeu na te gaan.

### 2.5.2.2 Die evolusie van die onderwyseres se professionele rol

Wanneer daar na die vrou se rol in die onderwys gekyk word, is die navorsing van Spenser (1986) van die Universiteit van Missouri uiters insiggewend. Soos daar verandering in skole plaasgevind het, het ook die rol van die vrou stelselmatig verander. Sy onderskei tussen vier geslagte leerkragte in die VSA. Dit is ook moontlik om hierdie stadia in die Suid- Afrikaanse omgewing te onderskei.

Die eerste geslag het kontraktueel enkellopend gebly. Wanneer die vrou onderwys as loopbaan gekies het, het sy geweet dat sy slegs

deur ongetroud te bly, haar werk sou kon behou. Hierdie situasie het sy gelate aanvaar en selfs verkies om 'n onafhanklike bestaan buite die huwelik as beroepsvrou te voer. Volgens Curcio, Morsink en Bridges (1989:154): word 'n suksesvolle beroepsvrou, of 'n tuisteskepper; jy kan onmoontlik altwee wees.

In die volgende periode het die getroude vrou in die onderwys 'n universiteitsgraad behaal as 'n soort "versekeringspolis". Dit was ouers se oortuiging dat hulle dogters deur universiteitsopleiding verryk sou word en 'n man sou ontmoet met wie hulle kon trou en wat in elke opsig vir hulle sou sorg. Die algemene opvatting was egter steeds dat die getroude vrou primêr tuisteskepper is.

Die derde geslag onderwyseresse het al die rolle verbonde aan 'n huishouding en al die pligte van voltydse leerkrag tegelyk probeer hanteer. As gevolg daarvan dat die vroue gedurende hierdie fase hulle aandag op drie rolle moes toespits (onderwys, huislike take en moederlike pligte), het hulle 'n agterstand by hulle manlike kollegas ontwikkel. In hierdie verband som Gehrke (1982:42) die vrou se rol op dat, selfs al het 'n vrou 'n man wat behulpsaam is, dit altyd <u>hy</u> is wat vir <u>jou</u> help; <u>jy</u> help nooit vir <u>hom</u> nie!

In die afgelope aantal jare het daar vir vroue 'n lig opgegaan met die navorsing van persone soos Schmuck (1987), Shakeshaft (1987), Ortiz en Marshall (1988) en Greyvenstein (1989), sodat die vierde geslag onderwyseresse nou funksioneer vanuit 'n toekomsgerigte benadering. Aan hierdie aspek word vervolgens vollediger aandag gegee.

### 2.5.2.3 Toekomsperspektief

In teenstelling met die bevindinge van navorsers soos Leonard en Papa-Lewis (1989) en Curcio, Morsink en Bridges (1989), het ander navorsers bevind dat daar 'n positiewe toename van vroue in bestuursposte in die onderwys is. Volgens Chen en Addi (1992:1) het die persentasie vroue in die onderwys in Israel noemenswaardig gestyg in die afgelope jare. Die persentasie vroue in skoolhoofposte by laerskole het byvoorbeeld gestyg van 20,8% in 1972 na 43,4% in 1983. Die ooreenstemmende persentasies by hoërskole was onderskeidelik 13,8% in 1972 en 27,5% in 1983.

Aansluitend hierby bevind Thelin (1992:23) in haar navorsing dat skoolhoofde nie verskillend beleef word deur manlike en vroulike onderwysers nie. Op 'n vraag oor die toenemende aantal vroue in bestuursposte in die onderwys, het mans en vroue dieselfde antwoorde gegee. Die helfte het beweer dat vroue vandag meer selfverseker is as vroeër en dat wetgewing en veldtogte almal (insluitend werkgewers) meer bewus gemaak het van hierdie aangeleentheid.

Volgens Biklen en Brannigan (1980:19) is diskriminasie teen vroue op die gebied van onderwysbestuur, soos by ander terreine van die lewe - ekonomies, persoonlik of professioneel - 'n saak van sosiale onregverdigheid. Ook ander navorsers, soos Shakeshaft (1987), Schmuck (1987) en Greyvenstein (1989) beweer dat daar soms nog teen vroue in die onderwys gediskrimineer word.

Greyvenstein (1989) noem veral 'n aantal ekstrinsieke en intrin-

sieke hindernisse op die pad van die vrou in onderwysbestuur. Volgens De Witt (1990:571) dui ekstrinsieke hindernisse op omgewingsveranderlikes wat 'n invloed uitoefen op die toetrede en vordering van vroue in die bestuurshiërargie van die onderwysberoep en sluit dit die volgende in: filtreertegnieke (allerlei variasies van nepotisme), die simbool- en randakkerpraktyk (vroue word gebruik in onbeduidende posisies in die bestuur), 'n gebrek aan borge, mentors en rolmodelle, netwerke , gesinsverpligtinge, regstatus van vroue en aksies om diskriminasie te elimineer. Intrinsieke hindernisse spruit uit vroue se persoonlike lewe en setel binne die vroue self.

Die twee belangrikste intrinsieke hindernisse is kenmerkende, attributiewe opvattings insake vroue en probleme rondom rolkonflik (De Witt, 1990:565,570).

Ten spyte van die ekstrinsieke en intrinsieke hindernisse wat daar vir vroue in onderwysbestuursposte bestaan, blyk dit egter dat daar in die afgelope paar dekades vordering gemaak is om aan vroue in die onderwys hulle regmatige plek toe te staan.

### 2.5.2.4 Sintese

Vanuit die voorafgaande is dit duidelik dat verskeie navorsers dit eens is dat die tradisionele persepsie oor die rol van die beroepsvrou in die afgelope dekades aansienlik verander het en dat sy as professionele persoon nie minderwaardig is teenoor die man nie.

Daar word egter nog op verskillende gebiede verwagtinge aan haar gestel, waaraan sy moet voldoen. Die beroepsvrou word verder ook deur andersoortige faktore as die man gemotiveer. Vroue se dryfveer is meer dikwels medemenslikheid en 'n verantwoordelikheid om probleme waar te neem en op te los. Manlike en vroulike bestuurders gebruik dus 'n reeks optredes in hul werk, maar die gebruikspatrone verskil.

Die gevolgtrekking kan voorts gemaak word dat die onderwys vroeër hoofsaaklik 'n beroep vir vroue was en nog steeds is. Die beroepspotensiaal is egter staties, aangesien die bestuursposte meerendeels deur mans beklee word. Uit voorafgaande blyk ook duidelik dat vroue in die onderwys nog te kampe het met geslagsdiskriminasie, geslagsrolverwagtinge en -vooroordele. Dat daar nog 'n wanbalans is in die verhouding onderwyseresse op die laer posvlakke tot dié in bestuursposte is ook nie te betwyfel nie.

Vanuit bogenoemde is dit baie duidelik dat die moderne getroude beroepsvrou verskillende rolle het, waarin daar sekere verwagtinge aan haar gestel word.

## 2.6 Die vrou se rol vanuit 'n bestuursperspektief

### 2.6.1 Oorsig

In die T.V.-program AGENDA van 8 Mei 1992 het 'n aantal vroue in topbestuursposte in Suid-Afrika aan 'n debat deelgeneem oor die posisie van die vrou in die arbeidsmag. Die afleiding kon duidelik gemaak word dat daar tans beter geleenthede en opleiding

as ooit vantevore is om topbestuursposte te bereik.

Volgens Cronje (1982:137) het die aantal vroulike universiteitsgegradueerdes vanaf 1960 tot 1980 met 10% gestyg. Die persentasie getroude gegradueerde vroue wat na die arbeidsmag terugkeer, is ook besig om aansienlik te vermeerder. 'n Verslag van die RGN waarin faktore wat die beroepsdeelname van getroude vroue beïnvloed, ondersoek word, toon egter aan dat meer as twee derdes van alle vroue in bestuursposte by privaatfirmas in diens is (Van der Walt, 1987: 29)

Biklen en Brannigan (1980:47) stel dit onomwonde: Leierskap is nie geslagsgebonde nie. Doeltreffendheid hang van die leiereienskappe van individuele leiers af, nie daarvan of dit 'n man of 'n vrou is nie. Die "Center for Creative Leadership"(CCL) het tussen die jare 1978 en 1986 duisende bestuurders en professionele werkslui getoets ten einde persoonlikheidsdimensies, intelligensie en vermoë tot probleemoplossing vas te stel, en die volgende bevinding gemaak: nie alleen het manlike en vroulike bestuurders gelyke tellings behaal nie, maar vroue het ook deur gedragsoefeninge bewys dat hulle net so bekwaam is om te lei, probleme te analiseer en kommunikeer (Curcio, Morsink en Bridges, 1989:152). In 'n verdere studie deur dieselfde persone is egter bevind dat vroue tweekeer soveel hindernisse het om te oorkom as mans. Ook Shakeshaft (1987) beklemtoon die feit dat vroue baie meer hindernisse ondervind en verdeel hierdie hindernisse in twee kategorieë, ekstrinsiek en intrinsiek van aard.

Daar is in die afgelope dekade heelwat navorsing gedoen oor die

vrou in die onderwys. Chen en Addi (1992) het bevind dat die onderwysstelsel in Israel vanaf 1972 tot 1987 'n baie sterker feministiese inslag gekry het. Hulle is ook van mening dat die skoolhoof se geslag waarskynlik onderwysers se houdings en gedrag in die skool beïnvloed (Chen en Addi, 1992:1). Shakeshaft (1987) kom tot die gevolgtrekking dat onderwysers manlike hoofde bo vroulikes verkies. Ortiz en Marshall (1988) sluit hierby aan deur te beweer dat mans dit gewoonlik uiters moeilik vind om onder vroulike hoofde te werk, aangesien so 'n opset hulle in 'n onkonvensionele gesagsverhouding plaas.

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat daar vanuit die literatuur deur die afgelope dekades verskillende afleidings gemaak kan word oor die vrou se rol vanuit 'n bestuursperspektief.

Tradisioneel is die gesin gekenmerk deur duidelik omlynde rolle of rolbeskrywings. Rolverwagtinge is gekoppel aan die heersende norme van die gemeenskap. Die vrou se rol kry dus gestalte binne sowel gesins-as gemeenskapsverband (Van der Walt, 1987:37). Vanaf die Industriële Omwenteling het die vrou al meer tot die beroepswêreld toegetree, sodat daar noodwendig veranderinge in die rolomskrywing van die man en vrou moes kom. Tog het die gemeenskap se rolpersepsie van die getroude vrou grootliks onveranderd gebly. Gedurende die afgelope dekades het die duidelik-gedefinieerde rolle van die man en vrou vervaag, sodat vroue ook nou in staat is om hulle ideale in beroepsverband te verwesenlik.

Vervolgens is dit noodsaaklik dat daar in hierdie navorsing deeglik kennis geneem sal word van die rolbenadering, ten einde

te verstaan hoe die individu hom binne sy verskillende rolle manifesteer.

### 2.6.2 Rolbenadering

#### 2.6.2.1 Die bestuursrolbenadering van Mintzberg

Een van die bekendste bestuursrolbenaderings, is dié van Mintzberg. Hy poog in sy rolbeskrywing om 'n geïntegreerde geheel van die bestuurder se take voor te stel, asook die georganiseerde stel van verwagtings wat bepalend is vir die funksionering in die amp van bestuurder (Van der Westhuizen, 1990:96). Die hoof het drie kategorieë rolle, naamlik interpersoonlike-, inligtings- en besluitnemingsrolle. In sy interpersoonlike rol tree hy op as seremoniële hoof, leier en skakelpersoon. As inligtingsdraer is hy verteenwoordiger, monitor of evalueerder en verspreider. Die besluitnemingsrol word weer verder in die volgende vier rolle ingedeel: ordehandhawer, onderhandelaar, bronnetoekenner en entrepreneur. Volgens Mintzberg (1973:27) is daar 'n behoefte daaraan om die verskillende rolle te verstaan en om nuwe benaderings ten opsigte daarvan te ontwikkel.

Bogenoemde benadering gee egter nie 'n duidelike beskrywing van die wyse waarop die bestuurder sy take behoort uit te voer nie en omvat, volgens Van der Westhuizen (1990:99), nie die onderwysbestuurstake in sy totaliteit nie. Alhoewel dit tog 'n bruikbare raamwerk vir die verklaring van sowel die verskillende verhoudinge in 'n organisasie as van interpersoonlike gedrag gee, beantwoord hierdie bestuursrolbenadering nie ten volle in die behoeftes van

die onderwys nie. Daarbenewens is Mintzberg se rolbenadering van toepassing op die topbestuurder, terwyl hierdie navorsing veral toegespits sal word op onderwyseresse wat op posvlak 1 is.

Hieruit blyk dus dat daar vir die doel van hierdie studie nie vanuit Mintzberg se benadering uitgegaan sal kan word nie, maar dat daar gekonsentreer sal word op die verskillende bestuursrolle soos dit vanuit die literatuur onderskei kan word. Vervolgens sal die verskillende fasette wat ingesluit word in die rolkonsep van nader beskou word.

2.6.2.2 Rolbeskrywing

Die individu se gedrag in die organisasie asook die begrip daarvan, word deur die term "rolbeskrywing" aangedui. Hierdie begrip dui ook op die waarneming van spesifieke gedrag.

Volgens Hicks en Gullett (1976:53) neem dit 'n individu 'n tydjie om in 'n nuwe omgewing aan te pas. In hierdie tyd leer hy onder andere watter gedrag van hom verwag word, watter resultate vereis word en in hoe 'n mate hierdie resultate beloon sal word.

2.6.2.3 Rolvoorskrifte

Rolvoorskrifte hang ten nouste saam met die rolbeskrywing. Daarmee word gewoonlik verwys na die algemene norme wat deur die gemeenskap vir 'n rol voorgeskryf word.(Van der Westhuizen, 1990:94) Volgens Flippo (1976:120) berus rolvoorskrifte op feite, nie op intuïsie nie en dit hang ten nouste saam met die individu

se posisie binne die struktuur van die organisasie.

2.6.2.4 Rolbegrip

Van der Westhuizen (1990:94) is van mening dat "rolbegrip" dui op die begrip wat 'n persoon het van die rolverwagting wat ander persone van sy rol het. 'n Persoon se rolbegrip is baie keer 'n sterk motiverende krag agter sy werksprestasie (Katz en Kahn, 1978:153). Dit kan egter ook gebeur dat die optrede van die individu as gevolg van sy rolbegrip mag verskil van die rolverwagtinge wat daar aan hom gestel word.

2.6.2.5 Rolbesetting

Die hiërargiese struktuur van 'n organisasie se gesagsfigure en onderhoriges, is die rolbesetting ("role set"). Katz en Kahn (1978:153) verduidelik dit soos volg: Die verhouding tussen verskillende individue in 'n organisasie is nie bloot 'n eenvoudige een tot een situasie nie. Dit kan eerder voorgestel word as 'n netwerk van verhoudinge wat toenemend kompleks raak volgens die grootte van die organisasie. Hoe meer eenhede en vlakke, hoe meer permutasies en kombinasies van verhoudinge is daar.

Sou 'n mens die formele posisie wat 'n persoon binne 'n organisasie beklee as sy "pos" beskou en die gedrag wat van die persoon verwag word as sy "rol", kan daar gevra word: Watter ander poste se werksaamhede is gekoppel aan die spesifieke een? (Schein, 1972:111). In die onderwyssituasie sal dit dan soos volg kan gebeur: die gesagsfiguur van 'n "laer" subgroep (die onderwyser

teenoor leerlinge) kan ondergeskik wees aan die onderhoriges van 'n "hoër" subgroep (skoolhoof teenoor kringinspekteur). Die rolbesetting is dus altyd dinamies, want daar is voortdurende wisselwerking tussen hoofgroepe en subgroepe, gesagsfigure en onderhoriges (Van der Westhuizen, 1990:94).

2.6.2.6 Rolverwagting

Die term "rolverwagting" verwys na die verwagting wat een persoon van die optrede van iemand anders binne 'n sekere rol het. Kast en Rosenzweig (1974:290) omskryf rolverwagtinge as evaluerende standaarde wat toegepas word op die gedrag van enige persoon wat 'n gegewe organisatoriese betrekking of posisie beklee. 'n Skoolhoof wat van een skool na 'n ander verplaas word, mag byvoorbeeld in sy nuwe omgewing met totaal ander verwagtinge gekonfronteer word. Hy mag moontlik nie tevrede wees met wat van hom verwag word nie, sodat dit noodsaaklik word dat veranderinge in die rolverwagting teweeggebring sal moet word.

2.6.2.7 Rolvernuwing

Newman, Summer en Warren (1972:148) beklemtoon die feit dat daar gedurig gepoog moet word om nuwe tegnieke aan te wend en houdings te verander, sodat 'n spesifieke rol nie stagnant word nie.

2.6.2.8 Rolverwarring ("Role ambiguity")

Rolverwarring dui op 'n gebrek aan spesifikasies wat werksverantwoordelikheid betref. Wanneer 'n persoon onseker is wat van hom

verwag word of sy rol onvoorspelbaar en vaag is, kan dit lei tot werkstres en, in kritieke gevalle, tot professionele uitbranding ("burnout") (Conley, Bas-Isaac en Cano, 1992:4). Volgens Goldman en Chang (1992:1) is rolverwarring 'n funksie van die teenstrydigheid tussen die gegewens wat beskikbaar is vir leiers en die inligting wat nodig is vir die doeltreffende uitvoering van hulle rolle. Dieselfde outeurs is ook van mening dat die terme "rolkonflik" en "rolverwarring" dikwels verwar word. Alhoewel hierdie twee begrippe ooreenkomste toon daarin dat hulle stremmend is op effektiewe werkverrigting, is daar 'n merkbare onderskeid.

#### 2.6.2.9 Rolkonflik

Aangesien hierdie navorsing spesifiek rolkonflik by die getroude onderwyseres onder die loep neem, sal hierdie begrip in hoofstuk 3 breedvoerig bespreek word.

## 2.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die aard van die vrou se dubbelrol nagegaan en verskillende afleidings kan vanuit die literatuur gemaak word. Verskeie navorsers het bevind dat die grootste persentasie getroude vroue tans ook professionele beroepe beoefen. Daarbenewens neem vroue al meer leiding in hulle beroepe en word daar hoër eise aan hulle gestel as vroeër.

Hierdie uitdagings wat aan die vrou gestel word, kan moontlik lei tot konflik, stres en rolverwarring. Aan die ander kant kan haar beroep weer unieke geleenthede bied vir die positiewe oordrag van

leer en ondervinding tussen haar professionele- en private lewe.

Vanuit voorafgaande kan dus afgelei word dat die moderne getroude onderwyseres onteenseglik verskillende rolle het om te vertolk, te wete dié van tuisteskepper, eggenote, moeder en onderwyseres. Binne die onderskeie rolle moet sy aan sekere rolverwagtinge voldoen, asook kennis dra van wat die eise is wat hierdie rolle aan haar stel. Die vraag is nou of sy wel rolkonflik beleef, wat die aard van die konflik is, in hoe 'n mate sy dit beleef en of dit 'n positiewe of negatiewe invloed op haar as individu het.

HOOFSTUK 3

# DIE AARD VAN ROLKONFLIK

## 3.1 Perspektiefstelling

Uit die vorige hoofstuk is dit duidelik dat die vrou se rol in die samelewing kompleks is. Waar daar in sommige gevalle nog die tradisionele opvatting bestaan dat die vrou eerstens tuisteskepper is (De Witt, 1990:570), is ander navorsers dit eens dat vroue hulle regmatige plek in die professionele beroepswêreld inneem (Lemmer, 1987; Shakeshaft, 1987).

In die afgelope jare het die rolverwagtinge wat daar aan getroude vroue gestel word, merkbaar verander. Daar was 'n voortdurende groei in die persentasie getroude vroue wat beroepe buite die huis beoefen. In 1951 was 19,8% van die totale ekonomies bedrywige bevolking van die RSA vroue. Hierdie persentasie het gestyg tot 23,1% in 1960 en tot 32,4% in 1980 (Van der Walt, 1986:6). Verskeie navorsers het bevind dat 'n beroepslewe, vroue wat vennote in 'n huwelik is en dikwels ook kinders het, soms probleme laat ondervind by huis- en beroeprolverwagtinge (Cronje, 1982; Shakeshaft, 1987; Greyvenstein, 1989; Van der Westhuizen en Hillebrand, 1990). As gevolg hiervan word daar dikwels frustrasie met rolkonflikte ondervind, asook 'n gebrek aan tyd en algemene spanning en stres (Coffey, 1985:28).

Dat daar gedurende die afgelope dekades 'n verandering plaasgevind het in die ekonomiese status van die vrou, is nie te betwyfel nie.

Volgens Van der Walt (1987:36) het die vrou van vandag die volgende rolalternatiewe beskikbaar: die hedendaagse dogter word met drie keuses gekonfronteer, naamlik huwelik, moederskap en 'n beroep. Daar is 'n stygende persentasie getroude vroue wat buitenshuis werk. Een van die implikasies hiervan is dat 'n al groter persentasie vroue hulle ten minste in twee of meer van die volgende rolle bevind: dié van huisvrou, moeder, eggenote en/of beroepsvrou.

Om die rol van die getroude onderwyseres in perspektief te sien, is dit nodig om duidelikheid te kry oor sekere begrippe wat daarmee verband hou. In hierdie hoofstuk sal die soeklig dus eerstens op van die belangrikste begrippe val.

Aangesien daar moontlik rolkonflik kan ontstaan in 'n situasie waarin daar van 'n persoon verwag word om twee of meer rolle wat volgens hom/haar onverenigbaar is, te vervul (Claesson en Brice, 1989; Gehrke, 1982; Van der Westhuizen en Hillebrand, 1990), sal die res van die hoofstuk gewy word aan 'n literatuurondersoek na die aard van rolkonflik by die getroude onderwyseres, indien sy moontlik rolkonflik sou beleef.

## 3.2 Begripsomskrywing van rolkonflik

Die HAT verklaar die begrip "konflik" kortliks as "botsing, stryd". In die letterkunde word daar ook dikwels melding gemaak van konflik. Hierdie konflik kan sowel uiterlik (tussen persone of kragte) of innerlik (binne 'n persoon self) voorkom. Newman, Summer en Warren (1972:188) definieer konflik as 'n botsing van

belange en beweer verder dat konflik konstruktief of destruktief kan wees. Ook Flippo (1976:425) beklemtoon die feit dat konflik in sommige gevalle 'n positiewe uitwerking op die individu of organisasie kan hê. Volgens Tjosvold (1988:61) is daar in navorsing bevind dat konflik uiters konstruktief kan wees, maar slegs in gevalle waar hierdie konflik met bedrewenheid hanteer word.

Kroon (1986:533) beskryf konflik in organisasieverband soos volg: Konflik verwys na waargenome of ervaarde onversoenbare verskille binne die individu of tussen twee of meer individue, wat tot een of ander vorm van tussenbeidetreding of opposisie lei. Of hierdie verskille werklik bestaan of nie, is nie ter sake nie - die persoon se ervaring van 'n verskil impliseer reeds konflik. Vanuit die literatuur onderskei Kroon (1986:534) tussen vyf soorte konflik:

* konflik binne-in die individu (intrapersoonlik)
* konflik tussen persone (interpersoonlik)
* konflik tussen individue en groepe
* konflik tussen groepe in dieselfde onderneming en
* konflik tussen verskillende ondernemings.

Vanuit bogenoemde is dit dus duidelik dat konflik 'n botsing tussen twee of meer partye of kragte impliseer. Hierdie konflik hoef egter nie altyd destruktief te wees nie, maar kan in sommige gevalle ook uiters konstruktief aangewend word. Vir die doel van hierdie studie sal die konflikbelewing slegs bestudeer word in soverre dit die getroude onderwyseres se dubbelrol aangaan.

Dit is vervolgens noodsaaklik om die oorsake of ontstaan van rolkonflik te bestudeer ten einde 'n beter begrip daarvan te vorm.

## 3.3 Die oorsake van rolkonflik

Van der Walt (1987:36) is van mening dat rolkonflik kan ontstaan wanneer die wyse waarop 'n persoon sy rol vervul nie in ooreenstemming is met rolverwagtings soos weerspieël in die samelewingsnorme nie. Rolkonflik kan ook voorkom in 'n situasie waarin daar van 'n persoon verwag word om twee of meer rolle wat volgens hom/haar onverenigbaar is, te vervul. Onversoenbaarheid tussen 'n persoon se eie rolverwagtings en die samelewingsnorme waarvolgens van hom/haar verwag word om op 'n bepaalde wyse 'n rol te vervul, kan eweneens lei tot rolkonflik. Vir die getroude vrou is al voorgenoemde moontlikhede van rolkonflik van wesenlike belang met betrekking tot buitenshuise arbeid.

In hulle navorsing oor rolkonflik en rolverwarring onder junior sekondêre hoofde in Taiwan het Goldman en Chang (1992) pertinent 'n onderskeid gemaak tussen hierdie twee begrippe. Volgens hulle kom rolkonflik voor wanneer 'n persoon met twee of meer rolverwagtinge gekonfronteer word, in so 'n mate dat aanpassing by die een rol aanpassing by die ander bemoeilik. Kortliks beteken dit dus opponerende, onversoenbare eise. Schein (1972:111) beweer dat rolkonflik kan voorkom waar verskillende persone in die rolbesetting waarin die persoon funksioneer, verskillende verwagtinge van die persoon koester. Kast en Rosenzweig (1974:292) verduidelik dat rolkonflik nie openlike antagonisme of geweld beteken nie. Dit behels eerder die gelyktydige waarneming van twee of meer rolver-

wagtinge, waar aanpassing by die een aanpassing by die ander uitsluit.

Wanneer House (1976:216) rolkonflik bespreek, is sy uitgangspunt Matteus 6 vers 24: "Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal òf die een minder ag en die ander een hoër, òf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep." Hy is ook van mening dat rolkonflik soms net tydelik voorkom, maar dikwels 'n konstante faktor is.

Coffey (1985:28) het bevind dat die toename van vroue in die arbeidsmark - en dan veral ook dié met kinders - bydra daartoe dat probleme ondervind word met werk- en gesinsrolverwagtinge. Die gevolg hiervan is dikwels frustasies met rolkonflik, wat dan kan lei tot stres en uitbranding. Aansluitend hierby is Hillebrand (1989:93) van mening dat daar rolkonflik kan ontstaan wanneer die vrou skuldig voel as sy werk, omdat sy glo dat sy haar huislike pligte verwaarloos en by die werk skuldig voel, omdat sy glo sy haar werk verwaarloos as gevolg van haar huislike verpligtinge.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat daar in elke rol wat 'n persoon in die samelewing beklee moontlik konflik mag voorkom en, wanneer 'n persoon meer as een rol moet vervul, daar ook konflik tussen die rolle kan wees. Daar is dus sprake van intra-rolkonflik (binne 'n spesifieke rol) en inter-rolkonflik (tussen die verskillende rolle). Koberg en Chusmir (1988:779) verwys na 'n intra-rol- en inter-rol-onversoenbaarheid.

Vervolgens sal die moontlike oorsake van die getroude onderwyseres

se konflikbelewing nagegaan word.

### 3.3.1 Intra-rolkonflik

#### 3.3.1.1 Agtergrond

Voldoening aan verwagtings van die werker bring werkerstevredenheid mee en indien nie daaraan voldoen word nie, ontstaan spanning, vervreemding en konflik. Hierdie intra-rolkonflik word deur Cronje (1982:49) beskryf as wanneer 'n individu nie met sy rol kan identifiseer nie, omdat sy persoonlike eienskappe en selfbeeld nie ooreenstem met die eise van sy rol nie. Dit lei tot 'n negatiewe selfbeeld, asook skuldgevoelens aangaande vertroue in hom en sy rolvervulling.

Schalekamp (1982:160) meen dat God se instelling van die huwelik aan 'n vrou 'n sekere "status" gegee het. Sy moet die hulp van die man wees, hom help aanvul, afrond en voltallig maak. Sy is tuisteskepper, moeder, trooster, inspirasie, geselskap, aanmoediger, steunpilaar. Omdat die vrou anders as die man is, het sy ook 'n unieke roeping, wat sy op haar eie vroulike wyse alleen kan vervul (Van der Walt, 1985:53).

Cronje (1982:41) beweer dat 'n belangrike aspek in 'n vrou se loopbaan (as 't ware die sentrale punt) is dat sy kinders in die wêreld moet bring, en dit maak haar die sleutelpersoon in die gesin. Ook Loerch, Russell en Rush (1989:291) beklemtoon die feit dat die vrou die primêre versorger in die gesin is. Aansluitend hierby beweer Thelin (1992:7) dat vroue, as gevolg van

kindergeboorte en huislike take, dikwels ompaaie moet loop om in 'n buitenshuise beroep sukses te bereik.

In teenstelling met bogenoemde is dit egter duidelik dat die moderne vrou ook ten volle beroepsmens kan wees (vgl. 2.4.3.2). Binne haar beroep as onderwyseres vind die getroude vrou verskeie hindernisse wat soms tot konflik kan bydra (Shakeshaft, 1987; Greyvenstein, 1989). 'n Wye verskeidenheid navorsingspublikasies het in die afgelope aantal jare die lig gesien, waarin daar veral gelet is op die vooroordele en diskriminasie teen die vrou in die onderwys (King, 1981; Shakeshaft, 1987; Ortiz en Marshall, 1988; Greyvenstein, 1989; Hillebrand, 1989).

Aangesien dit dus duidelik is dat die vrou primêr tuisteskepper is, sal daar eerstens gelet word op die faktore wat daartoe kan bydra dat sy in haar moederrol konflik ervaar en daarna op die faktore wat konflik ten opsigte van haar rol as onderwyseres meebring.

#### 3.3.1.2 Faktore wat daartoe bydra dat die vrou binne die moederrol konflik ervaar

* Onderdanigheid

"Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is. Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk. Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees."

(Efesiërs 5:22-24)

Christenson (1977:29) beweer dat juis die gedagte om "onderdanig" aan haar man te wees, by baie bekwame en intelligente vroue negatiewe reaksie sal ontlok, omdat hulle van gedagte is dat hulle daardeur in 'n onaktiewe, onbeduidende vloermat omskep sal word. Calvyn is van mening dat die vrou ook nie die man se gelyke is nie, maar sy ondergeskikte. Hierteenoor beweer Van der Walt (1985:16) dat die huwelik nie as 'n soort kontrak beskou mag word wat bloot volgens die goeddunke van twee mense (partye) gesluit en ook weer verbreek kan word nie. Die doel van die huwelik is die eenheid van die egpaar in trou, liefde en geloof en dit impliseer gelykheid, nie ondergeskiktheid nie. Ook Schalekamp (1982:160) is dit eens dat onderdanigheid in die praktyk nie die baasskap van die man impliseer nie. Die vrou kan en moet haar verheug in haar unieke posisie, haar ingeskape eienskappe, en dit tot sieraad van haar man en eer van die Here ontplooi.

* Skuldgevoelens

Gehrke (1982:41) verduidelik die dilemma van een van die onderwyseresse wat sy in haar navorsing betrek het. Sy vertel self: "Ek dink 'n vrou voel verplig om sekere dinge vir haar gesin te doen, soos byvoorbeeld die voorbereiding van maaltye. Selfs al het jy 'n behulpsame man, is dit altyd hy wat jou help. Jy help hom nooit om aandete voor te berei nie. Selfs al het jy kinders wat hulle eie klere vir jou was terwyl jy uitgaan, soos myne nou maak - selfs al verstaan hulle altyd jou posisie - jy begin tog 'n skuldgevoel ontwikkel ..." Ook Hillebrand (1989:93) bevestig bogenoem-

de wanneer hy beweer dat die vrou haar twee rolle kan kombineer, maar dan gekonfronteer word met die handhawing van 'n ewewig tussen haar roeping tot vrou-wees en haar nabuite-gerigte beroep.

Small en Riley (1990:53) het in hulle navorsing bevind dat die getroude werkende vrou dikwels voel dat sy haar gesin afskeep en nie so 'n goeie ouer is as wat sy wil wees nie. 'n Groot aantal vroue het egter weer die teendeel beweer, naamlik dat hulle beter ouers is as gevolg van hulle beroep.

* Selfverwesenliking

Selfverwesenliking impliseer die persoon se doelbewuste pogings om al die latente potensiële moontlikhede van sy selfheid te realiseer (Vrey, 1979:46). Volgens Van der Walt (1986:47) het elke vrou 'n behoefte aan selfverwesenliking van haar eie vermoëns en opleiding. Wanneer sy nie die geleentheid daartoe gegun word nie, ontstaan daar konflik binne haar moederrol. De Witt (1990:589) noem 'n aantal faktore wat vroue motiveer om vir onderwysbestuursposte te aspireer en toon aan dat dit opvallend is dat die hoogste persentasie van die respondente (87%) gemotiveer is deur 'n sterk begeerte om op professionele gebied vordering te maak en dat hulle tegelyk gereed was om uitdagings in hierdie verband te aanvaar.

* Finansiële oorwegings

Volgens Van Wyk (1983:32) is die vrou se inkomste vir die gesin feitlik net so noodsaaklik soos haar dienste as huisvrou in die gesin van vroeër. Dit is hoofsaaklik vanweë ekonomiese faktore

soos verhoogde lewenskoste, inflasie in die huidige materialistiese samelewing en tegnologiese ontwikkeling en vooruitgang. De Witt (1990:577) is van mening dat die vrou se inkomste nog steeds as aanvullend tot dié van haar man beskou word; daarom word haar beroepslewe ook as aanvullend tot haar primêre gesinsverpligtinge beskou.

Alhoewel die vrou dus dikwels net sulke lang ure aan haar beroep afstaan as die man en die gesin nie sonder haar finansiële bydrae kan klaarkom nie, word sy as sekondêre broodwinner beskou. Dit kan daartoe bydra dat sy konflik ervaar.

* Ontvlugtingsoorwegings

Wanneer Van der Walt (1985:41) hom uitspreek oor die moderne vrou se posisie in die huwelik, kom hy tot die gevolgtrekking dat vroue nie langer net hoef doeke aan te sit en spyseniers te wees nie. In haar navorsing het Van der Walt (1986:49) bevind dat 'n groot aantal vroue wat buitenshuise beroepe beoefen, ontvlugting van huishoudelike take as een van die redes daartoe aanvoer.

Wanneer die vrou nie in haar beroepslewe tot haar reg kom nie, of ingeperk voel in haar huis, lei dit dikwels tot konflik en onvergenoegdheid.

### 3.3.1.3 Faktore wat daartoe bydra dat die vrou in haar rol as onderwyseres konflik ervaar

In haar professionele rol as onderwyseres is verskeie faktore wat

daartoe bydra dat die vrou konflik kan ervaar. In die vorige hoofstuk is die professionele ontwikkeling van die vrou in die onderwys deeglik onder oë geneem. Daaruit kan afgelei word dat daar verskeie hindernisse is op die pad van haar loopbaanvordering. Bogenoemde is inderdaad ook bewys deur navorsers soos Schmuck (1987), Shakeshaft (1987), Greyvenstein (1989) en De Witt (1990).

Uit al die moontlike faktore wat tot intra-rolkonflik by die onderwyseres aanleiding kan gee, sal slegs 'n enkele paar belangrikes aangespreek word.

* Geslagsdiskriminasie

In navorsing deur Chen en Addi (1992:1) is bevind dat die geslag van 'n skoolhoof 'n merkbare invloed het op die houding en gedrag van die onderwysers. Dit is verder al meermale bewys dat die diskriminerende praktyke en vooroordele teenoor die vrou in die onderwys nog lank nie iets van die verlede is nie (Schmuck, 1987; Ortiz en Marshall, 1988; De Witt, 1990). Die tipiese onderwysbestuurder in die VSA is byvoorbeeld manlik, blank, vir die eerste keer getroud, hy het kinders, is Protestants en hy is polities konserwatief (De Witt, 1990:537). De Witt (1990:539) noem hierdie soort tipering van die onderwysbestuurder 'n "uitgediende erfporsie" en "onregverdige uitsluiting (van vroue) uit topbestuursposte". Ook Shakeshaft (1987:96) stel dit duidelik dat verskeie studies aangetoon het dat die rede waarom vroue nie in sekere poste aangestel is nie, slegs die feit is dat hulle vroue is. Verder beweer sy dat daar vir die vrou verskeie hindernisse is om te oorkom in haar loopbaanvordering en probeer metodes aan die

hand doen oor hoe hierdie hindernisse uit die weg geruim kan word.

Al bogenoemde navorsers is dit egter eens dat daar in die afgelope aantal jare daadwerklike pogings aangewend word om aan die vrou gelykberegtiging op alle vlakke in die onderwys te gee. Volgens Van Wyk (1983:32) is vroue in beroepswerk inderdaad so algemeen dat maatreëls oral in Westerse lande ingestel word om diskriminasie op grond van geslag uit te skakel. Sou die vrou egter nog ervaar dat daar gediskrimineer word teen haar bloot omdat sy nie 'n man is nie, kan dit tot konflik lei.

* Gebrek aan ervaring

De Witt (1990:561) wys daarop dat daar in die Oregon-ondersoek na persone wat hulself aktief voorberei het vir bestuursbevorderingsposte in die onderwys, veral twee faktore is wat deur die meeste respondente as hindernis beleef is. Hierdie twee faktore is 'n gebrek aan die nodige ervaring vir onderwysbestuursposte en bestaande diskriminasie teenoor die vrou in die onderwysberoep.

Volgens Gross en Trask (1976:209) het Amerikaanse vroue in onderwysbestuursposte gemiddeld meer jare onderwyservaring as mans. In sy navorsing het hy bewys dat die ouderdom waarop 'n individu skoolhoof word en die tydsduur om daar te kom, beide deur die persoon se geslag beïnvloed word. Meer as tweekeer soveel mans as vroue was onder 36 jaar oud toe hulle skoolhoofde geword het en meer as vier keer soveel mans as vroue het hoofde geword binne tien jaar na aanvang van hul onderwysloopbaan (Gross en Trask, 1976:218). Ook Thelin (1992:7) is van mening dat mans

reguit paaie deur die stelsel loop, terwyl vroue kronkelpaadjies moet neem. Kindergeboortes, huiswerk en deeltydse studies is somtyds vir vroue 'n beperking.

* Onvermoë om na tydelike uittrede weer beroepsgerig te wees

Onderbreking in dienstyd as gevolg van bevallings bring onvermydelik mee dat vroue uiteindelik minder beroepservaring as mans opdoen (Greyvenstein, 1989:31). Dit is ook nie altyd maklik vir 'n vrou om in sommige onderwysdepartemente weer tot die beroep toe te tree nadat sy weens bevallings 'n diensonderbreking gehad het nie. Daarby is verskeie navorsers dit eens dat 'n vrou slegs haar beroepslewe ontspanne kan hervat wanneer daar voldoende betroubare kinderversorgingfasiliteite beskikbaar is (Coffey, 1985; Van der Walt, 1987; Greyvenstein, 1989; De Witt, 1990). Hillebrand (1989:94) is van mening dat, alhoewel die vrou se huwelikstaat min uitwerking op haar loopbaanoriëntering en haar loopbaanbetrokkenheid kan hê, (voorskoolse) kinders wel haar loopbaanoriëntering en haar loopbaanbetrokkenheid beïnvloed. Dit gebeur ook soms dat vroue gedwing word om diens te onderbreek as gevolg van 'n gesinsverhuising en dan dit moeilik vind om weer 'n pos in die nuwe omgewing te aanvaar (De Witt, 1990:578).

Dit hang dus dikwels daarvan af in hoe 'n mate die vrou na tydelike uittrede weer beroepsgerig kan word of sy konflik in haar beroep ervaar al dan nie.

* Kenmerkende, attributiewe opvattings insake vroue

Sosialisering en geslagsroltipering word deur verskeie navorsers genoem as redes waarom vroue nie onmiddellik met bestuursrolle geassosieer word nie (Shakeshaft, 1987; Ortiz en Marshall, 1988; Hillebrand, 1989). Volgens Shakeshaft (1987:113) ervaar vroue dit as 'n wesenlike probleem. Een vrou stel dit soos volg: My ervaring van wat vroue kan doen en wat hulle behoort te doen, is vir my die grootste hindernis. Greyvenstein (1989:14) is van mening dat stereotiepe opvattings oor vroue op 'n bepaalde siening van tipiese vroulike trekke berus. Dit sluit die volgende in: gebrek aan selfgelding, 'n swak selfbeeld, gebrek aan selfvertroue, ooremosionele reaksies, afhanklikheid. Ook De Witt (1990:565) beweer dat vroue deur die jare subtiel gekondisioneer is om alle trekke wat nie strook met sagtheid en onderdanigheid nie, doelbewus te onderdruk. Volgens Curcio, Morsink en Bridges (1989:153) is die opvatting dat vroue ondergeskik is aan mans gegrond op die konflik tussen wat vroue geleer is om te doen en wat daar van hulle verwag word om as leiers te doen. Vroue wat deur hulle ouers geleer is dat hulle nie vroulik is as hulle nie oulik en afhanklik is nie (en daarby gebruik moet maak van hulle vroulike lis!) moet harder werk om bekwame leiers te word.

* Behoefte aan rolmodelle

Deur navorsing is aangetoon dat rolmodelle van dieselfde geslag vir vroue van kardinale belang is, maar nie vir mans nie (Shakeshaft, 1987:115). Daarbenewens is mans ook geneig om in 'n wyer veld rolmodelle uit te kies as vroue. Vroue kyk miskien net

na persone in hul familie, vriendekring en onderwysers in die nabye omgewing, terwyl mans verby die binnekring, atlete, professionele persone, voormalige presidente, godsdienstige leiers en so meer as rolmodelle uitkies. Fisher (1988:211) verduidelik dat die pad na onafhanklikheid vir haar as vrou 'n lang en eensame een was, aangesien sy geen rolmodelle gehad het nie. Sy waarsku egter dat die blaam nie altyd geplaas moet word op 'n leemte aan rolmodelle nie, maar dat die vrou wat wil uitstyg, ook dikwels inisiatief moet gebruik en vir haarself moet dink.

### 3.3.2 Inter-rolkonflik

#### 3.3.2.1 Oriëntering

Van der Walt (1986:50) is van mening dat die getroude werkende vrou se dubbele rol aanleiding gee tot interpersoonlike konflik aangesien die suksesvolle vertolking van haar rol afhang van die persepsie van die betrokkenes wat dit beoordeel, naamlik sy self, haar huisgesin, haar eggenoot, die werkgewer en die gemeenskap. Gehrke (1982:43) wys daarop dat die primêre bron van onsekerheid en konflik by onderwyseresse die eed van trou ("fealty") is, wat elke rol van hulle eis. Hierdie getrouheid behels dat elke rol van die individu totale oorgawe vra en dat 'n ander rol nie toegelaat mag word om daarmee in te meng nie. Ook Greenglass en Burke (1988:216) beklemtoon die feit dat die dubbelrol van 'n professionele beroepslewe en die versorging van 'n gesin uitsonderlike eise aan werkende vroue stel.

Een van die kenmerke van die dubbele rol wat deur die werkende

vrou vervul word, is dat dit gepaard gaan met rolkonflik. Om hierdie rolkonflik te verminder, is aanpassings enersyds in die werksituasie en andersyds ten opsigte van die versorging van die kinders noodsaaklik (Van der Walt, 1986:38).

Volgens Van der Walt (1986:35) kan die uiteenlopende denkrigtings oor die buitenshuise arbeid van vroue meestal teruggevoer word na die besondere siening wat die betrokkene huldig omtrent die unieke rol van die vrou, naamlik dié van moeder, wat nie oordraagbaar is aan die man nie. Hierdie besondere siening van die moederrol, eng of aanpasbaar by veranderde omstandighede, vorm die grondslag van die betoog vir of teen die dubbele rol van die vrou. De Witt (1990:570) sluit hierby aan deur te beweer dat geslagsrolstereotipering die inter-rolkonflik in vroue vererger.

Van der Walt (1986:47) is van mening dat getroude werkende vroue (asook die geskeides en weduwees) ten opsigte van die intrapersoonlike rolkonflik ervaar as gevolg van beroeps- en gesinsrolverpligtinge. Hierdie rolkonflik ontstaan enersyds as gevolg van skuldgevoelens teenoor verwaarlosing van die huisgesin en andersyds as gevolg van 'n behoefte aan selfverwesenliking van haar eie vermoëns en opleiding. Cronje (1982:59) huldig die mening dat die feit dat die vrou werk, veranderings ten opsigte van die organisasie van haar betrokke huishouding teweegbring. Die mag van die gesin en ander sosiale verwagtings is steeds 'n struikelblok by werkseleksie, en moontlik veral by die vrou.

De Witt (1990:576) beklemtoon die feit dat gesinsverpligtinge 'n professionele hindernis vir die vrou is. Volgens hom is dit

eenvoudig 'n gegewe waarmee rekening gehou moet word, want om te maak of dit 'n veranderlike is wat nie bestaan nie, sou gewoon oneerlik en onwetenskaplik wees. Ook Hillebrand (1989:93) is van mening dat daar rolkonflik kan ontstaan wanneer 'n vrou glo dat sy haar gesinsverpligtinge verwaarloos as sy 'n professionele beroep beoefen.

Verskeie navorsers het in hul studies rolkonflik op verskillende terreine uitgewys. Vervolgens sal 'n paar kwessies waarmee rolkonflik verband hou, van nader beskou word.

3.3.2.2 Tyd-verwante konflik

Een van die nadelige invloede van die werkende vrou se beroepsarbeid is dat sy moeg en geïrriteerd kan tuiskom en te min tyd vir haar huishoudelike pligte het. Die vrou sal ook minder tyd beskikbaar hê vir vryetydsbesteding - wat kan lei tot verhoogde spanning (Hillebrand, 1989:94). Coffey (1985:29) identifiseer 'n aantal nadele van die dubbelrol en noem die volgende "baie betekenisvol": 'n uiters vinnige pas om te handhaaf, 'n meer gekompliseerde lewenswyse, minder vrye tyd vir persoonlike sake en die verg van oormatige energie. Volgens Gehrke (1982:41) vind baie mense dit moeilik om te verstaan dat die onderwyser se lewe nie gebind word deur die tyd en ruimte van die skool nie. Sy beweer verder dat, veral 'n nuwe pos, ure se voorbereiding en energie verg. In haar navorsing het sy bevind dat alle onderwysers, met die uitsondering van twee mans, konflik ervaar het tussen hulle twee rolle.

Caffarella (1988:3) noem verskeie faktore wat die integrasie van 'n persoon se dubbelrolle bemoeilik. Tyd is een van die belangrikstes. Sy beklemtoon egter die feit dat hierdie konflikte nie altyd negatief is nie, maar dit kan byvoorbeeld ook positief wees wanneer 'n persoon meer tyd of energie aan een of meer van die rolle wil bestee.

In 'n navorsingsprojek onder 119 mans en 119 vroue, wat dubbelrolle beklee en vennote in 'n huwelik is, het Greenhaus en Parasuraman (1989:133) bevind dat tyd-verwante konflik een van die sterkste faktore is wat stres veroorsaak. Beroepsrolle wat konflikterend, verwarrend en veeleisend is, veroorsaak dat 'n persoon meer tyd daaraan moet bestee, wat weer daartoe lei dat huislike verpligtinge nie nagekom word nie (Greenhaus en Parasuraman, 1989:135). In teenstelling hiermee het Loerch, Russell en Rush (1989:304) tot die volgende (volgens hulle, onverwagte) gevolgtrekking gekom: nòg die eggenoot se werkstatus, nòg sy/haar werksure het aanleiding gegee tot beroepgesinskonflik.

### 3.3.2.3 Druk-verwante konflik

Greenhaus en Parasuraman (1989:134) definieer druk-verwante konflik soos volg: dit kom voor wanneer simptome van druk (bv. moegheid, geïrriteerdheid, frustrasie) wat binne die een rol ondervind word, oorgedra word na die ander rol en dit vir 'n persoon moeilik maak om hom in daardie rol uit te leef. Die persoon ondervind miskien geweldige druk òf by die werk, òf by die huis en dit gee aanleiding tot inter-rolkonflik, wat uiteindelik kan lei tot oormatige stres en selfs uitbranding.

Greenglass en Burke (1988:216) verwys na emosionele uitputting, wat spruit uit 'n gevoel van emosionele oorbelading en dreinering deur ander. Dit het dikwels uitbranding tot gevolg - 'n reaksie wat volg wanneer kroniese druk uitgeoefen word, veral deur ander persone wat self stres beleef of probleme het. Ander faktore wat konflik kan veroorsaak, is 'n te groot werkslading, swak oriëntering, 'n gebrek aan stimulasie en sosiale isolasie. Volgens Greenglass en Burke (1988:218) dien huwelikstevredenheid en geluk saam met 'n lewensmaat egter as ondersteuning vir getroude persone.

Volgens Koberg en Chusmir (1988:788) dra 'n te groot werkslading, hetsy tuis of by die werk, ook dikwels daartoe by dat rolkonflik ervaar word.

3.3.2.4 Gedrag-verwante konflik

Gedrag-verwante konflik word ervaar wanneer die gedragspatrone wat in die een rol aangewend word, onversoenbaar is met dié wat die ander rol van 'n persoon vereis (Loerch, Russell en Rush, 1989:289). By die werk word daar byvoorbeeld van 'n bestuurder verwag om objektief en outoritêr op te tree, terwyl sy gesinslede net warmte en begrip vra. Waar daar reeds heelwat navorsing gedoen is wat op die voorkoms van tyd-verwante en druk-verwante konflik dui (Greenhaus en Beutell, 1985; Loerch, Russell en Rush, 1989), is daar minder gevalle waar gedrag-verwante konflik gedokumenteer is (Greenhaus en Parasuraman, 1989:134).

## 3.4 Die gevolge van rolkonflik

Goldman en Chang (1992:2) beweer dat rolkonflik tot ontevredenheid en 'n afname in werksbevrediging kan lei. Tiedje et al. (1990:64) is egter van mening dat nie alle rolkonflikbelewing negatief behoort te wees nie, maar dat dit in sommige gevalle ook 'n positiewe invloed op die persoon kan hê.

Oor die kwessie van negatiewe en positiewe belewing van rolkonflik, beweer House (1976:222) dat dit afhang van 'n persoon se bevoegdheid om op te tree in sekere situasies waaraan hy blootgestel word. Hoe minder effektief 'n persoon dus is, hoe groter is sy konflikbelewing. In sy navorsing het hy verder bevind dat, alhoewel rolkonflik tot ontevredenheid en emosionele spanning kan lei, die omvang van die gevolge in 'n groot mate kan varieer, afhangende van die bewustheid van rolkonflik, die aanvaarding van werksdruk, vermoë om stres te hanteer en 'n algemene persoonlikheidsamestelling.

## 3.5 Rolkonflik versus rolvervulling

Tot dusver is daar nog gekonsentreer op die negatiewe invloed wat 'n vrou se dubbelrol as onderwyseres/ma op haar het. Verskeie navorsers beklemtoon egter die feit dat haar dubbelrol vir die vrou 'n vervulling van ideale kan meebring en daarom positief ervaar of beleef word (Coffey, 1985; Claesson en Brice, 1989; Tiedje et al., 1990).

Coffey (1985:29) noem veral die volgende voordele van 'n vrou se

dubbelrol: interaksie met 'n verskeidenheid mense, 'n verhoogde selfbeeld, 'n groter reikwydte van erkenning, verbeterde ekonomiese posisie vir haarself en haar gesin, stimulasie en selfverwesenliking en die aanwending van opleiding. Coffey se navorsing het ook 'n aantal kleiner voordele aan die lig gebring, naamlik 'n groter mate van gelykheid tussen haar en haar eggenoot, die vermoë om waardes en doelwitte te bepaal, die daarstelling van 'n rolmodel vir haar kinders (veral dogters) en 'n hegter verhouding tussen die vader en kinders.

Volgens Kahn, Long en Peterson (1989:175) is dit die kwaliteit van ervaring in 'n spesifieke rol eerder as die rol self, wat die geestestoestand van die persoon beïnvloed. Hulle kom ook tot die gevolgtrekking dat die teenwoordigheid van klein kindertjies groter eise stel, maar nie noodwendig die gehalte van werkslewe benadeel nie. Aansluitend by bogenoemde het Claesson en Brice (1989:1) ook die positiewe sy van die dubbelrol beklemtoon. Respondente het in onderhoude die mening uitgespreek dat persoonlikheidstrekke wat 'n voorvereiste is vir hul rol as moeder en tuisteskepper, tegelyk óók prysenswaardige eienskappe vir onderwysleierskap kan wees. Daar word aan 'n legio besonder verdienstelike, karakteristieke eienskappe gedink, soos byvoorbeeld sorgsaamheid, bedagsaamheid, takt, stylvolle korrektheid, noulettendheid insake relevante detail, deeglikheid en empatie. Hulle het tot drie belangrike gevolgtrekkings gekom:

* Die rolle van moeder en onderwyseres is komplementêr en daar kan interaksie tussen die twee rolle wees, wat tot voordeel van alle partye kan strek.

* Verwagtinge waaraan voldoen moet word is in beide gevalle twyfelagtig en, in sommige omstandighede, onrealisties hoog.
* Onderwyseres/ma's was oortuig daarvan dat die dubbelrol dieper insig en groter vaardighede tot gevolg gehad het.

Hillebrand (1989:91) meen ook dat aangename werksomstandighede, insluitend gerieflike werkure en vakansies, daartoe lei dat die onderwys by uitnemendheid dié professie is wat die vrou in staat stel om haar dubbele rol as beroepsvrou en as tuisteskepper en moeder te kombineer. Volgens hom is dit waarskynlik een van die belangrikste faktore wat die vrou motiveer om die onderwys as loopbaan te kies.

## 3.6 Sintese

Vanuit oorsese navorsing kan daar, na aanleiding van bevindinge vroeër in hierdie hoofstuk genoem, afgelei word dat rolkonflik deur verskillende persone verskillend ervaar word.

Die negatiewe aspekte van die getroude onderwyseres se dubbelrol sluit die volgende in:

Binne die moederrol

* 'n Gevoel van onderdanigheid teenoor die man
* Skuldgevoelens
* 'n Onvermoë tot selfverwesenliking
* Finansiële onsekerheid

* Die wil om te ontvlug van huishoudelike take

Binne haar rol as onderwyseres

* Geslagsdiskriminasie
* 'n Gebrek aan ervaring
* 'n Onvermoë om na tydelike uittrede weer beroepsgerig te wees
* Kenmerkende, attributiewe opvattings insake vroue
* 'n Behoefte aan rolmodelle

Tussen die twee rolle

* Daar is te min tyd beskikbaar om voldoende aandag aan beide rolle te bestee
* Die druk wat binne elke rol op die vrou geplaas word, word onmoontlik om te hanteer
* Die twee rolle vereis verskillende gedragspatrone van dieselfde persoon.

Daar kan egter ook 'n aantal positiewe afleidings gemaak word wat die dubbelrol van die getroude onderwyseres betref, wat onder meer die volgende insluit:

Binne die moederrol

* 'n Groter mate van gelykheid tussen haar en haar eggenoot
* Verhoogde selfbeeld
* Selfverwesenliking binne gesinsverband
* Beter begrip van haar eie kinders

* Groter finansiële voordele vir haarself en haar gesin
* Die daarstelling van 'n rolmodel vir haar kinders
* In die onderwys spesifiek, beter werksure en vakansies saam met haar kinders

Binne die rol as onderwyseres

* Aanwending van kwalifikasies en opleiding
* Selfverwesenliking op professionele gebied
* Groter reikwydte van erkenning
* Beter begrip van skoolkinders

Tussen die twee rolle

* Interaksie met 'n verskeidenheid persone
* Meer sorgsaamheid, bedagsaamheid en takt
* Interaksie tussen die twee rolle strek tot voordeel van alle partye
* Die dubbelrol lei tot groter vaardigheid en insig
* 'n Vermoë word ontwikkel om waardes en doelwitte te bepaal

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat daar nog nie uitsluitsel bestaan oor wat die rolkonflik by die getroude onderwys in werklikheid behels nie. In hierdie navorsing sal daar nou nagegaan word of daar wel rolkonflik by die getroude onderwyseres is en in hoe 'n mate sy dit ervaar.

HOOFSTUK 4

# EMPIRIESE ONDERSOEK

## 4.1 Inleiding

In die literatuurstudie (hoofstukke 2 en 3) is faktore wat moontlik kan bydra tot die belewing van rolkonflik deur die onderwyseres geïdentifiseer.

In hierdie hoofstuk is daar aan die navorsingsontwerp aandag gegee. Die vraelys as meetinstrument is bespreek, asook die metode waarvolgens te werk gegaan is om die steekproeftrekking te doen. Daarna is daar na die navorsingsprosedure gekyk en die statistiese verwerking is beskryf.

## 4.2 Navorsingsontwerp

### 4.2.1 Die vraelys

Ten einde die spesifieke doelwitte van hierdie navorsing te kon bereik (vgl. 1.3), is 'n meetinstrument ontwikkel. Verskillende vraelyste is in die literatuurstudie deurgewerk (vgl. Claesson en Brice, 1989), waarna 'n vraelys, voortspruitend uit faktore in die literatuurstudie geïdentifiseer, ontwerp is. Daar is dus spesifiek gekonsentreer op die oorsake van rolkonflik soos dit in die navorsing na vore gekom het. Die doel van die navorsing is om vas te stel in watter mate die getroude onderwyseres die sogenaamde rolkonflik ervaar. Die begrip "getroud" is vir die

doel van hierdie navorsing geoperasionaliseer in dames wat kinders het en sluit getroude-, geskeide- en enkelouers in.

Vir die doel van hierdie navorsing is 'n vraelys ontwerp wat moes evalueer in watter mate getroude onderwyseresse in Natal konflik ervaar tussen hul beroepsrol en rol as moeder.

Daar is besluit om van 'n posvraelys gebruik te maak, aangesien dit die geriefliksste manier was waarop al die skole bereik kon word. 'n Nadeel van die posvraelys is egter dat daar druk geplaas moet word op skole deur middel van telefoonoproepe om vraelyste weer terug te ontvang. Dit is ook nie altyd moontlik om skriftelik te verduidelik wat presies van respondente verwag word nie. Persoonlike onderhoudvoering, soos byvoorbeeld Claesson & Brice (vgl. 1.2), sou egter te tydrowend wees en 'n veel kleiner populasie sou gebruik kon word.

4.2.2 Konstruksie van die vraelys

Die vraelys bestaan uit twee afdelings: twaalf vrae in afdeling A en een en dertig vrae in afdeling B. In afdeling A word die biografiese en demografiese besonderhede van die proefpersone weergegee. Afdeling B is spesifiek gemik op die belewing van rolkonflik en bepaal dus die mate waarin die proefpersone intra- sowel as inter-rolkonflik ervaar (vgl. 3.6). Die vrae in afdeling B verteenwoordig die ses gebiede van rolkonflikbelewing wat in hoofstuk 3 geïdentifiseer is, maar is geskommel.

'n Volledige uiteensetting van die formaat van die vraelys lyk

soos volg:

Afdeling A

Biografiese gegewens:

Vrae 1-10

Demografiese gegewens:

Vrae 11-12

Afdeling B

Negatiewe rolkonflikbelewing binne die moederrol:

Vrae 1, 6, 17, 19, 23

Positiewe rolkonflikbelewing binne die moederrol:

Vrae 2, 4, 10, 15, 16, 20, 29

Negatiewe rolkonflikbelewing binne die onderwysrol:

Vrae 13, 22, 25, 26, 28, 31

Positiewe rolkonflikbelewing binne die onderwysrol:

Vrae 3, 5, 27, 30

Negatiewe rolkonflikbelewing tussen die twee rolle:

Vrae 7, 8, 11, 18, 21, 24

Positiewe rolkonflikbelewing tussen die twee rolle:

Vrae 9, 12, 14

Daar is gebruik gemaak van 'n 4-punt skaal, waarin voorsiening gemaak word vir geen mate van rolkonflik nie (1), 'n geringe mate van rolkonflik (2), 'n redelike mate van rolkonflik (3) en 'n hoë mate van rolkonflik (4).

### 4.2.3 Loodsondersoek

Voordat die vraelys gefinaliseer is, is 'n voorlopige vraelys aan ses onderwyseresse gegee om moontlike tekortkominge te identifiseer en uit te skakel. Hierdie onderwyseresse was nie deel van die uiteindelike studiepopulasie nie. Geen tekortkominge is in die loodsondersoek uitgewys nie.

### 4.2.4 Finale vraelys

Geen tegniese regstellings is nodig geag nie en die loodsvraelys is as die finale vraelys gebruik.

### 4.2.5 Administratiewe prosedures

Skriftelike toestemming is van die Natalse Onderwysdepartement verkry om die vraelys oor die beweerde rolkonflik by die getroude onderwyseres by sekondêre skole onder die jurisdiksie van die Natalse Onderwysdepartement te versprei (vgl. bylae A)

Die skoolhoofde van alle skole in Natal is telefonies geskakel om vas te stel hoeveel onderwyseresse met kinders in elke skool is ten einde te bereken hoeveel in die Natalse Onderwysdepartement se diens is. Die geïdentifiseerde skole se skoolhoofde se samewerking is verkry vir die invul van die vraelyste. Daar is ook die versekering gegee dat die vraelys nie langer as 15 minute sal neem om te voltooi nie. Slegs een skoolhoof het geweier om saam te werk, as gevolg van 'n te druk program.

Die 255 tweetalige vraelyste is aan die skoolhoofde gepos, met die versoek om dit aan alle onderwyseresse op posvlak 1 en 2 wat kinders van hulle eie het, uit te deel. By elke stel vraelyste is twee briewe aangeheg: dié waarin toestemming deur die Departement verleen is om die navorsing te doen en die ander waarin die doel van die navorsing gestel is, 'n beroep op samewerking gedoen is en vertroulikheid gewaarborg is (vgl. bylae B). 'n Gefrankeerde koevert is vir elke skool ingesluit.

4.2.6 Populasie en steekproef

Die populasie is alle onderwyseresse op posvlakke 1 en 2 met kinders van hul eie in tydelike of permanente poste in sekondêre skole onder jurisdiksie van die Natalse Onderwysdepartement (n = 590).

In hierdie navorsing is daar van ewekansige trossteekproeftrekking gebruik gemaak. Ewekansig dui daarop dat elke lid van die populasie 'n gelyke onafhanklike kans gehad het om in die steekproef opgeneem te word. Waar die populasie in trosse (bv. verbonde aan afsonderlike skole) gegroepeer is, is trossteekproefneming besonder geskik.

Die trossteekproef is soos volg getrek: Elke skool op die alfabetiese lys van die Natalse Onderwysdepartement is genommer (1-65). Met behulp van ewekansige kanssyfer tabelle is 26 skole uit die 65 skole geïdentifiseer. Al die onderwyseresse (posvlak 1 en 2) met eie kinders in die 26 skole is in die steekproef opgeneem. Altesaam 255 onderwyseresse is genader om die vraelyste

te voltooi. 196 bruikbare vraelyste is terug ontvang.

Tabel 4.1 Terugvoerrespons

| | Vraelyste uitgestuur | Vraelyste ontvang | Persentasie response |
|---|---|---|---|
| Skole | 26 | 24 | 92.3% |
| Lyste | 255 | 196 | 76,9% |

4.2.7 Statistiese tegniek

Gegewens wat van die 196 bruikbare vraelyste verkry is , is met behulp van 'n hoofraamrekenaar van die PU vir CHO ingesleutel. Die verwerking van die data is met behulp van 'n SAS-rekenaarprogrampakket gedoen (SAS Institute Inc., 1985). Frekwensies is bepaal met die "FREQ-procedure" van SAS en die gemiddeldes met die "Means procedure" van SAS.

Die volgende ontledings is gedoen:

* Tweerigtingfrekwensies, waar vasgestel is of sekere aspekte in afdeling A in verband gebring kan word met afdeling B. Respondente se jare onderwyservaring en ouderdom is vergelyk met die response oor rolkonflikbelewing.

* Rangordes is ontleed om te bepaal watter faktore die hoogste en watter die geringste mate van negatiewe sowel as positiewe rolkonflik veroorsaak.

## 4.3 Interpretering van data

### 4.3.1 Algemeen

Alle afleidings en veralgemenings wat in hierdie navorsing gemaak word, geld slegs vir alle onderwyseresse met kinders van hul eie by sekondêre skole in die Natalse Onderwysdepartement, aangesien dit 'n verteenwoordigende steekproef was.

Die gegewens van al 196 respondente was bruikbaar.

### 4.3.2 'n Ontleding van die respondente se biografiese gegewens

Die doel met die vrae in afdeling A was om 'n tipiese profiel te kry van getroude onderwyseresse in sekondêre skole in die Natalse Onderwysdepartement.

Met vraag 2 is geen probleme ondervind gedurende die loodsondersoek nie. Daar was egter verwarring by die finale vraelys, aangesien sommige respondente nie die aantal kinders genoem het nie, maar slegs kruisies getrek het by die afsonderlike kategorieë. Daar sal dus nie vir die doel van hierdie studie onderskei word tussen persone met een of meer kinders nie. Almal wat die vraelys voltooi het, het wel een of meer kinders en alle verdere gevolgtrekkings sal so hanteer word. Hierdie vraag is gevolglik nie in die tabel opgeneem nie. 'n Moontlike verklaring waarom hierdie probleem ontstaan het, is aangesien hierdie vraag die enigste op die vraelys is waar daar nie slegs 'n kruisie getrek moes word nie, maar 'n getal ingevul moes word.

Tabel 4.2 : Biografiese inligting

| | | | FREKWENSIE | PERSENTASIE |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Ouderdom | Nul opgawe | 1 | 0,5 |
| | | 20 - 25 | 3 | 1,5 |
| | | 26 - 30 | 15 | 7,7 |
| | | 31 - 40 | 90 | 45,9 |
| | | 41 - 50 | 74 | 37,8 |
| | | 51 - 60 | 12 | 6,1 |
| | | 60+ | 1 | 0,5 |
| | TOTAAL | | 196 | 100,0 |
| 3 | Huwelikstatus | Nul opgawe | 0 | 0,0 |
| | | Getroud | 164 | 83,7 |
| | | Geskei | 26 | 13,3 |
| | | Enkel | 2 | 1,0 |
| | | Weduwee | 4 | 2,0 |
| | TOTAAL | | 196 | 100,0 |
| 4 | Posvlak | Nul opgawe | 20 | 10,2 |
| | | 1 | 139 | 70,9 |
| | | 2 | 37 | 18,9 |
| | TOTAAL | | 196 | 100,0 |
| 5 | | Nul opgawe | 81 | 41,3 |
| | | B-graad | 89 | 45,5 |
| | | Honeurs | 22 | 11,2 |
| | | M-graad | 3 | 1,5 |
| | | D-graad | 1 | 0,5 |
| | TOTAAL | | 196 | 100,0 |

Tabel 4.2 (vervolg)

| | | | FREKWENSIE | PERSENTASIE |
|---|---|---|---|---|
| 6 | Professionele kwalifikasie | Nul opgawe | 31 | 15,8 |
| | | 2 jr dipl | 16 | 8,1 |
| | | 3 jr dipl | 18 | 9,2 |
| | | 4 jr dipl | 57 | 29,1 |
| | | verder | 74 | 37,8 |
| | TOTAAL | | 196 | 100,0 |
| 7 | Kategorie | Nul opgawe | 11 | 5,6 |
| | | C | 16 | 8,1 |
| | | D | 113 | 57,7 |
| | | E | 32 | 16,3 |
| | | F | 17 | 8,7 |
| | | G | 6 | 3,1 |
| | | H | 1 | 0,5 |
| | TOTAAL | | 196 | 100,0 |
| 8 | Aantal voltooide jare | Nul opgawe | 1 | 0,5 |
| | | 0 - 3 | 11 | 5,6 |
| | | 4 - 6 | 17 | 8,7 |
| | | 7 - 10 | 38 | 19,4 |
| | | 11 - 15 | 62 | 31,6 |
| | | 16 - 20 | 46 | 23,5 |
| | | 21 - 25 | 20 | 10,2 |
| | | bo 25 | 1 | 0,5 |
| | TOTAAL | | 196 | 100,0 |
| 9 | Meriete toekennings | Nul opgawe | 118 | 60,2 |
| | | 1 | 18 | 9,2 |
| | | 2 | 18 | 9,2 |
| | | 3 | 42 | 21,4 |
| | TOTAAL | | 196 | 100,0 |

Tabel 4.2 (vervolg)

| | | | FREKWENSIE | PERSENTASIE |
|---|---|---|---|---|
| 10 | Huistaal | Nul opgawe | 1 | 0,5 |
| | | Afrikaans | 94 | 48,0 |
| | | Engels | 92 | 46,9 |
| | | Ander | 9 | 4,6 |
| | TOTAAL | | 196 | 100,0 |
| 11 | Tipe skool | Nul opgawe | 30 | 15,3 |
| | | H1 | 109 | 55,6 |
| | | H2 | 57 | 29,1 |
| | TOTAAL | | 196 | 100,0 |
| 12 | Skoolmedium | Nul opgawe | 6 | 3,0 |
| | | Parallel | 67 | 34,2 |
| | | Dubbel | 26 | 13,3 |
| | | Enkel | 97 | 49,5 |
| | TOTAAL | | 196 | 100,0 |

Daar is 'n redelike groot nul respons by vrae 5 en 6. Dit is moontlik te wyte daaraan dat daar onderskeid getref word tussen akademiese- en professionele kwalifikasies. Nie alle respondente is in besit van beide nie.

Daar is nie pertinent gevra of respondente geen merietetoekennings het nie, slegs vanaf eerste meriete is aangedui (vraag 9). Alhoewel daar nie aangeneem kan word dat so 'n groot aantal van die respondente nog geen merietes ontvang het nie, kan dit 'n verklaring wees vir die groot nul respons.

Dit is opvallend dat daar nie van oorwegend Engels- of Afrikaanssprekende respondente sprake is nie (vraag 10); 48,0% is

Afrikaanssprekend, terwyl 46,9% Engelssprekend is.

Die oorgrote meerderheid van die respondente beskik oor vier jaar opleiding en is dus op kategorie D (vraag 7) (57,7%), met slegs 18,9% op posvlak 2 (vraag 4).

'n Samevattende profiel van die populasie lyk dus soos volg: hulle is oorwegend in die ouderdomsgroep 31-50 jaar (83,7%), getroud (83,7%), sowel akademies as professioneel gekwalifiseerd, oorwegend op kategorie D (57,7%) en is ervare (7 jaar en meer ervaring) (85,2%).

Vervolgens sal die frekwensieontleding van response in elke kategorie in numeriese volgorde weergegee word soos die vrae op die vraelys verskyn het.

### 4.3.3 Response oor negatiewe rolkonflik binne die moederrol

Die doel met die vrae (vrae 1, 6, 17, 19, 23) was om te bepaal watter faktore die hoogste mate van negatiewe rolkonflik binne haar moederrol by die getroude onderwyseres veroorsaak. Hierdie vrae spruit uit die literatuurondersoek van hoofstuk 3 (vgl. 3.6)

Tabel 4.3 Response oor negatiewe rolkonflik binne die moederrol

| Items | | Nul | | Geen mate 1 | | Geringe mate 2 | | Redelike mate 3 | | Hoë mate 4 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 1 | Onvermoë tot selfverwesenliking as moeder | 0 | 0 | 62 | 31,6 | 75 | 38,3 | 52 | 26,5 | 7 | 3,6 |
| 6 | Skuldgevoelens teenoor gesin | 0 | 0 | 48 | 24,5 | 66 | 33,7 | 52 | 26,5 | 30 | 15,3 |
| 17 | Wil om te ontvlug van huishoudelike take | 1 | 0,5 | 47 | 24,0 | 65 | 33,2 | 39 | 19,9 | 44 | 22,4 |
| 19 | Onderdanigheid aan eggenoot | 2 | 1,0 | 101 | 51,5 | 43 | 21,9 | 36 | 18,4 | 14 | 7,2 |
| 23 | Finansiële onsekerheid | 0 | 0 | 12 | 6,1 | 37 | 18,9 | 51 | 26,0 | 96 | 49,0 |

Dit blyk uit tabel 4.3 se gegewens dat die grootste enkele bydraende faktor van rolkonflikbelewing binne die moederrol finansiële onsekerheid (vraag 23) is (75% van die respondente ervaar 'n redelike tot hoë mate van rolkonflik daaroor). Vanuit die literatuur was dit ook baie duidelik dat dit een van die vernaamste redes is waarom moeders skoolhou (vgl. 2.5.2.1; 3.3.1.2).

In hierdie kategorie is daar geen noemenswaardige ander faktore wat rolkonflik veroorsaak nie (42% en laer). Dit is in teenstelling met wat in die literatuurondersoek bevind is (vgl.

3.3.1.2). Dit is veral interessant dat die meerderheid (57,2%) respondente meen dat hulle nie wil ontvlug van huishoudelike take nie (vraag 17) en 58,2% geen of min skuldgevoelens teenoor hulle gesinne beleef nie (vraag 6). Die onvermoë tot selfverwesenliking as moeder blyk ook nie 'n groot probleem te wees nie (vraag 1) (30,1%).

In teenstelling met die tradisionele opvatting dat die vrou aan haar man moet onderdanig wees (vgl. 3.3.1.2), is die minste respondente van mening dat onderdanigheid aan die man (vraag 19) bydra tot die belewing van rolkonflik (25,6%).

### 4.3.4 Response oor positiewe rolkonflik binne die moederrol

Die doel met die vrae (vrae 2, 4, 10, 15, 16, 20, 29) was om te bepaal watter faktore die hoogste mate van positiewe rolkonflik binne haar moederrol by die getroude onderwyseres veroorsaak. Die vrae is opgestel na aanleiding van faktore wat in die literatuur-ondersoek geïdentifiseer is (vgl. 3.6).

Tabel 4.4 Response oor positiewe rolkonflik binne die moederrol

| Items | | Nul | | Geen mate 1 | | Geringe mate 2 | | Redelike mate 3 | | Hoë mate 4 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 2 | Groter begrip vir eie kinders | 2 | 1,0 | 7 | 3,6 | 32 | 16,3 | 72 | 36,7 | 83 | 42,4 |
| 4 | Onderwys spesi-fiek voorde-lig agv beter werksure | 0 | 0 | 32 | 16,3 | 29 | 14,8 | 52 | 26,5 | 83 | 42,4 |
| 10 | Beter moeder vir eie kinders | 0 | 0 | 68 | 34,7 | 57 | 29,1 | 55 | 28,0 | 16 | 8,2 |
| 15 | Groter gelyk-heid aan 'n man | 7 | 3,6 | 55 | 28,1 | 56 | 28,5 | 58 | 29,6 | 20 | 10,2 |
| 16 | Bevoor-deling van fi-nansiële posisie | 2 | 1,0 | 10 | 5,1 | 22 | 11,2 | 54 | 27,6 | 108 | 55,1 |
| 20 | Voorde-ligheid agv va-kansies saam met kinders | 0 | 0 | 1 | 0,5 | 9 | 4,6 | 39 | 19,9 | 147 | 75,0 |
| 29 | Verho-ging van self-beeld deur on-derwys-beroep | 1 | 0,5 | 20 | 10,2 | 55 | 28,1 | 83 | 42,3 | 37 | 18,9 |

Die onderwys as beroep blyk spesifiek vir moeders voordelig te wees as gevolg van vakansies saam met hul kinders (vraag 20). 94,9% van die respondente het 'n positiewe belewing in hierdie verband. Dit bevestig wat navorsers soos Hillebrand reeds bevind het (vgl. 3.5). Ekonomiese oorwegings speel ook hier 'n groot rol

(vraag 16) (82,7%).

'n Hoë persentasie respondente (68,9%) meen dat die onderwys as beroep in 'n redelike tot hoë mate spesifiek voordelig is as gevolg van beter werksure (vraag 4). Dit korreleer met die bevindinge in die literatuurondersoek (vgl. 3.5). Om skool te hou, verhoog die selfbeeld van 61,2% respondente (vraag 29).

Slegs 39,8% respondente ervaar 'n groter gelykheid aan 'n man omdat hulle skoolhou (vraag 15). Dit kan moontlik verklaar word deur die feit dat die vrou toenemend op alle vlakke van die samelewing as die man se gelyke erken word (vgl. 2.5.2.3).

Alhoewel 'n groot persentasie respondente (79,0%) van mening is dat die feit dat hulle skoolhou, hul beter begrip vir hul eie kinders gee (vraag 2), is dit opvallend dat 'n lae persentasie (slegs 36,3%) glo dat hulle beter moeders is vir hulle kinders omdat hulle skoolhou (vraag 10). Dit is in teenstelling met wat navorsers soos Claesson en Brice in hulle navorsing bevind het (vgl. 3.5).

### 4.3.5 Response oor negatiewe rolkonflik binne die onderwysrol

Die doel met die vrae (vrae 13, 22, 25, 26, 28, 31) was om te bepaal watter faktore die hoogste mate van negatiewe rolkonflik binne haar onderwysrol by die getroude onderwyseres veroorsaak. Die vrae is opgestel na aanleiding van faktore wat in die literatuurondersoek geïdentifiseer is (vgl. 3.6).

Tabel 4.5 Response oor negatiewe rolkonflik binne die onderwysrol

| Items | | Nul | | Geen mate 1 | | Geringe mate 2 | | Redelike mate 3 | | Hoë mate 4 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 13 | Behoefte aan rolmodelle | 5 | 2,6 | 111 | 56,6 | 59 | 30,1 | 17 | 8,7 | 4 | 2,0 |
| 22 | Gebrek aan ervaring weens diensonderbreking | 1 | 0,5 | 143 | 73,0 | 24 | 12,2 | 19 | 9,7 | 9 | 4,6 |
| 25 | Wanopvatting oor die rol van die vrou in die onderwys | 2 | 1,0 | 25 | 12,8 | 61 | 31,1 | 56 | 28,6 | 52 | 26,5 |
| 26 | Tydrowendheid van nasienwerk | 0 | 0 | 2 | 1,0 | 16 | 8,2 | 50 | 25,5 | 128 | 65,3 |
| 28 | Onvermoë tot beroepsgerigtheid | 2 | 1,0 | 25 | 12,8 | 61 | 31,1 | 56 | 28,6 | 52 | 26,5 |
| 31 | Ervaring van geslagsdiskriminasie | 0 | 0 | 27 | 13,8 | 7 | 34,2 | 59 | 30,1 | 43 | 21,9 |

Hier is slegs een faktor geïdentifiseer wat bydra tot 'n redelike tot hoë mate van konflikbelewing, naamlik die tydrowendheid van nasienwerk (vraag 26) (90,8%). Tydverwante konflik is ook vanuit die navorsing geïdentifiseer as een van die faktore wat kan lei tot verhoogde spanning en stres (vgl. 3.3.2.2).

Volgens 55,1% respondente bestaan daar nog wanopvattinge oor die rol van die vrou in die onderwys (vraag 25), terwyl 52,0% nog gelagsdiskriminasie in die onderwys ervaar (vraag 31). Die afleiding kan dus gemaak word dat hierdie twee faktore nie noemenswaardige rolkonflik veroorsaak nie, in teenstelling met wat navorsers soos Schmuck, De Witt, Ortiz en Marshall beweer (vgl. 3.3.1.3).

Vanuit die literatuurondersoek het dit geblyk dat 'n onvermoë tot beroepsgerigtheid (vraag 28) en 'n gebrek aan ervaring weens diensonderbreking (vraag 22) kan lei tot rolkonflik (vgl. 3.3.1.3). Die teendeel spreek egter uit die empiriese ondersoek, met persentasies van 18,4 en 14,3 onderskeidelik.

Daar is ook feitlik geen behoefte aan rolmodelle nie (vraag 13) (10,7%), in teenstelling met wat sommige navorsers, soos Shakeshaft en Fisher, aangevoer het (vgl. 3.3.1.3).

### 4.3.6 Response oor positiewe rolkonflik binne die onderwysrol

Die doel met die vrae (vrae 3, 5, 27, 30) was om vas te stel watter faktore die hoogste mate van positiewe rolkonflik binne haar onderwysrol by die getroude onderwyseres veroorsaak. Die vrae is opgestel na aanleiding van faktore wat in die literatuurondersoek geïdentifiseer is (vgl. 3.6).

Tabel 4.6 Response oor positiewe rolkonflik binne die onderwysrol

| Items | | Nul | | Geen mate 1 | | Geringe mate 2 | | Redelike mate 3 | | Hoë mate 4 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 3 | Groter reikwydte van erkenning | 6 | 3,1 | 21 | 10,7 | 49 | 25,0 | 86 | 43,9 | 34 | 17,3 |
| 5 | Tevredenheid omdat u kwalifikasies/opleiding kan aanwend | 0 | 0 | 3 | 1,5 | 21 | 10,7 | 74 | 37,8 | 98 | 50,0 |
| 27 | Groter begrip vir skoolkinders | 1 | 0,5 | 3 | 1,5 | 12 | 6,1 | 51 | 26,0 | 129 | 65,8 |
| 30 | Vermoë tot selfverwesenliking op professionele vlak | 0 | 0 | 9 | 4,6 | 47 | 24,0 | 93 | 47,4 | 47 | 24,0 |

Vanuit die literatuurstudie was dit duidelik dat, juis vanweë die feit dat sy self 'n moeder is, die onderwys as beroep vir die moeder beter begrip gee vir skoolkinders (vgl. 3.5). Dit is ook die mening van 'n groot persentasie respondente (91,8%). Dit korreleer met die respons op vraag 2 (vgl. 4.3.4), waarin 79,0% meen dat die feit dat hulle skoolhou, hulle 'n beter begrip gee vir hul eie kinders.

Die aanwending van kwalifikasies of opleiding word ook in 'n hoë

positiewe mate ervaar (87,8%). Dit sluit aan by wat verskeie navorsers reeds bevind het (vgl. 3.5).

In hierdie kategorie is dit merkbaar dat alle vrae hoog positief beantwoord is, met die laagste persentasie 61,2%, wat beteken dat die respondente oor die algemeen hul rol as onderwyseres baie sterk positief ervaar.

4.3.7 Respónse oor negatiewe rolkonflik tussen die twee rolle

Die doel met die vrae (vrae 7, 8, 11, 18, 21, 24) was om vas te stel watter faktore die hoogste mate van negatiewe rolkonflik tussen haar twee rolle by die getroude onderwyseres veroorsaak. Die vrae is opgestel na aanleiding van faktore wat in die literatuurondersoek geïdentifiseer is (vgl. 3.6).

Tabel 4.7 Response oor negatiewe rolkonflik tussen die twee rolle

| Items | | Nul | | Geen mate 1 | | Geringe mate 2 | | Redelike mate 3 | | Hoë mate 4 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 7 | Tydrowendheid van lesvoorbereiding | 6 | 3,1 | 7 | 3,6 | 33 | 16,8 | 89 | 45,4 | 61 | 31,1 |
| 8 | Tydrowendheid van klaskameraktiwiteite | 4 | 2,0 | 27 | 13,8 | 49 | 25,0 | 61 | 31,1 | 55 | 28,1 |
| 11 | Verwagting van verskillende gedragspatrone tuis en by die skool | 0 | 0 | 31 | 15,8 | 44 | 22,4 | 65 | 33,2 | 56 | 28,6 |
| 18 | Tydrowendheid van buitemuurse aktiwiteite | 2 | 1,0 | 3 | 1,5 | 20 | 10,2 | 54 | 27,6 | 117 | 59,7 |
| 21 | Druk deur rol as onderwyseres | 2 | 1,0 | 7 | 3,6 | 25 | 12,7 | 67 | 34,2 | 95 | 48,5 |
| 24 | Druk deur moederrol | 0 | 0 | 31 | 15,8 | 45 | 23,0 | 88 | 44,9 | 32 | 16,3 |

In hierdie kategorie is die hoogste mate van rolkonflikbelewing by die tydrowendheid van buitemuurse aktiwiteite (vraag 18) (87,3%) en die druk wat op die moeder geplaas word deur haar rol

as onderwyseres (vraag 21) (82,7%). In hoofstuk drie is tyd-verwante en druk-verwante konflik geïdentifiseer as twee van die belangrikste terreine van konflikbelewing (vgl. 3.3.2.2 en 3.3.2.3).

Lesvoorbereiding is ook uiters tydrowend (vraag 7) (76,5%).

Alhoewel die literatuurondersoek aangetoon het dat vroue rolkonflik ervaar as gevolg van die feit dat verskillende gedragspatrone tuis en by die werk van hulle vereis word (vgl. 3.3.2.4), veroorsaak dit slegs 'n redelike mate van konflik by die respondente (vraag 11) (61,8%).

Dit is verder opvallend dat die druk wat die moederrol op die onderwyseres plaas (vraag 24), nie in so 'n hoë mate ervaar word (61,2%) as die druk deur haar onderwysrol nie (vraag 21) (82,7%).

4.3.8 Response oor positiewe rolkonflik tussen die twee rolle

Die doel met die vrae (vrae 9, 12, 14) was om vas te stel watter faktore die hoogste mate van positiewe rolkonflik tussen haar twee rolle by die getroude onderwyseres veroorsaak. Die vrae is opgestel na aanleiding van faktore wat met die literatuurondersoek geïdentifiseer is (vgl. 3.6).

Tabel 4.8 Response oor positiewe rolkonflik tussen die twee rolle

| Items | | Nul | | Geen mate 1 | | Geringe mate 2 | | Redelike mate 3 | | Hoë mate 4 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 9 | Beter beplanning van aktiwiteite | 0 | 0 | 19 | 9,7 | 32 | 16,3 | 77 | 39,3 | 68 | 34,7 |
| 12 | Tevrede met dubbelrol, alles inaggenome | 0 | 0 | 15 | 7,6 | 38 | 19,4 | 88 | 44,9 | 55 | 28,1 |
| 14 | Bevoordeel werksituasie interaksie met verskeidenheid persone | 1 | 0,5 | 9 | 4,6 | 35 | 17,9 | 84 | 42,8 | 67 | 34,2 |

Die drie vrae in hierdie kategorie is feitlik gelykwaardig beantwoord. Dit is egter duidelik dat die kernvraag: tevredenheid met die dubbelrol as alles in ag geneem word, hoog positief ervaar is (vraag 12) (73%).

Deurdat die respondente skoolhou, bevoordeel dit hulle interaksie met 'n verskeidenheid persone in 'n hoë mate (vraag 14) (77,0%) en kan hulle aktiwiteite beter beplan (vraag 9) (74,0%).

### 4.3.9 Gemiddelde rangorde oor negatiewe rolkonflik

Een van die doelwitte van hierdie navorsing was om vas te stel watter faktore bydra tot die belewing van rolkonflik by die getroude onderwyseres (vgl. 1.3). Ten einde hierdie doel te bereik, is dit noodsaaklik om die faktore wat negatiewe rolkonflik binne sowel as tussen die verskillende rolle veroorsaak, saam te groepeer. Sodoende kan die faktore wat, alles inaggenome, die hoogste mate van rolkonflik veroorsaak, geïdentifiseer word.

In die volgende tabel (4.9) word die response oor negatiewe rolkonflik saamgevat, met 3.55 as die mees negatiewe en 1.45 as die mins negatiewe respons. Die gemiddeldes word gegee uit vier (4) omdat van 'n 4-punt skaal gebruik gemaak is.

Tabel 4.9 Gemiddelde rangorde oor negatiewe rolkonflik

| NR | | RANG ORDE | GEM |
|---|---|---|---|
| 26 | Tydrowendheid van nasienwerk | 1 | 3.55 |
| 16 | Tydrowendheid van buitemuurse aktiwiteite | 2 | 3.43 |
| 21 | Druk deur rol as onderwyseres | 3 | 3.26 |
| 23 | Finansiële onsekerheid indien nie skoolhou nie | 4 | 3.18 |
| 7 | Tydrowendheid van lesvoorbereiding | 5 | 2.98 |
| 11 | Verwagting van verskillende gedragspatrone tuis en by die skool | 6 | 2.74 |
| 8 | Tydrowendheid van klaskameraktiwiteite | 7 | 2.69 |
| 25 | Wanopvattings oor die rol van die vrou in die onderwys | 8 | 2.67 |
| 24 | Druk deur moederrol | 9 | 2.62 |
| 31 | Geslagsdiskriminasie | 10 | 2.60 |
| 17 | Wil om te ontvlug van huishoudelike take | 11 | 2.40 |
| 6 | Skuldgevoelens teenoor gesin | 12 | 2.33 |
| 1 | Onvermoë tot selfverwesenliking as moeder | 13 | 2.02 |
| 19 | Onderdanigheid aan eggenoot | 14 | 1.79 |
| 28 | Onvermoë tot beroepsgerigtheid na tydelike uittrede | 15 | 1.62 |
| 13 | Behoefte aan rolmodelle | 16 | 1.51 |
| 22 | Gebrek aan ervaring weens diensonderbreking | 17 | 1.45 |

Die drie vernaamste terreine van rolkonflikbelewing wat in die literatuurstudie geïdentifiseer is (vgl. 3.3.2.2), het ook vanuit die rangorde van tabel 4.9 duidelik na vore gekom, met tyd-verwante konflik die hoogste, gevolg deur druk-verwante konflik en gedrag-verwante konflik.

Die feit dat die onderwyseres/ma se vrye tyd deur haar huistake en skoolwerk in beslag geneem word, gee moontlik aanleiding tot frustrasie en spanning. Dit sluit aan by wat deur navorsers soos Gehrke bevind is, naamlik dat die onderwyser se lewe nie gebind word deur die tyd en ruimte van die skool nie en dat dit tot konflik kan lei (vgl. 3.3.2.2).

Alhoewel navorsers faktore soos die wanopvattings oor die rol van die vrou in die onderwys, geslagsdiskriminasie, die wil om te ontvlug van huishoudelike take en skuldgevoelens teenoor die gesin as beduidend beskou by rolkonflikbelewing, dra geen van hierdie faktore by tot hoë konflikbelewing nie (rangordes 8-12). 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die vrou al meer beroepsgerig raak (vgl. 2.5.2.1) en dus haar professionele taak in net so 'n ernstige lig beskou as die man.

Bogenoemde is moontlik ook die rede waarom die getroude onderwyseres nie 'n onvermoë tot selfverwesenliking as moeder ervaar of onderdanig aan haar eggenoot voel nie (rangordes 13 & 14).

In teenstelling met die mening van sommige navorsers dat die onderwyseres 'n behoefte aan rolmodelle het en 'n gebrek aan ervaring ondervind na diensonderbreking, veroorsaak hierdie twee aspekte geen noemenswaardige rolkonflik by die respondente nie (vgl. 3.3.1.3). Aangesien die vrou al meer die man se gelyke is (vgl. 2.5.2.4), is dit vir haar moontlik om haar ten volle in haar beroep te kan uitleef.

### 4.3.10 Gemiddelde rangorde oor positiewe rolkonflik

Vanuit die literatuurondersoek was dit duidelik dat die getroude onderwyseres haar dubbelrol ook uiters positief kan ervaar (vgl. 3.5). Die doel van hierdie rangorde-ontleding is om vas te stel watter faktore die meeste bydra tot die positiewe belewing van haar dubbelrol.

In die volgende tabel (4.10) word die response oor positiewe rolkonflik saamgevat, met 3.69 as die mees positiewe en 2.10 as die mins positiewe respons.

Tabel 4.10 Gemiddelde rangorde oor positiewe rolkonflik

| NR | | RANG ORDE | GEM |
|---|---|---|---|
| 20 | Voordeligheid agv vakansies saam met kinders | 1 | 3.69 |
| 27 | Groter begrip vir skoolkinders | 2 | 3.55 |
| 5 | Tevredenheid oor aanwending van kwalifikasies/opleiding | 3 | 3.36 |
| 16 | Bevoordeling van finansiële posisie | 4 | 3.31 |
| 2 | Groter begrip vir eie kinders | 5 | 3.16 |
| 14 | Interaksie met 'n verskeidenheid persone | 6 | 3.06 |
| 9 | Beter beplanning van aktiwiteite | 7 | 2.99 |
| 4 | Beter werksure | 8 | 2.95 |
| 12 | Tevredenheid met dubbelrol, alles in ag genome | 9 | 2.93 |
| 30 | Vermoë tot selfverwesenliking op professionele vlak | 10 | 2.91 |
| 29 | Verhoging van selfbeeld | 11 | 2.69 |
| 3 | Groter reikwydte van erkenning | 12 | 2.62 |
| 15 | Groter gelykheid aan 'n man | 13 | 2.15 |
| 10 | Beter moeder vir eie kinders | 14 | 2.1 |

Die hoogste positiewe belewing vir die onderwyseres/ma (volgens die rangordes van tabel 4.10) is om vakansies saam met haar kinders te hê. Dit strook met wat navorsers soos Hillebrand bevind het, naamlik dat gerieflike werksure en vakansies daartoe lei dat die onderwys by uitnemendheid dié professie is wat die vrou in staat stel om haar dubbele rol as beroepsvrou en as tuisteskepper en moeder te kombineer (vgl. 3.5).

Die onderwys as 'n beroep veronderstel omgang met kinders. Dit is waarom begrip vir eie sowel as skoolkinders so 'n hoë positiewe ervaring is (2 & 5).

In die huidige ekonomiese situasie is dit vir die vrou voordelig om gekwalifiseer te wees en bevoordeel dit haar finansiële posisie wanneer sy hierdie kwalifikasies kan aanwend. Dit verduidelik die hoë positiewe respons (3 & 4 van rangorde).

In teenstelling met response oor negatiewe rolkonflik, is al die vrae oor positiewe rolkonflik bo die gemiddeld uit 4, met 2.1 as die minste positief, beantwoord. Hieruit kan afgelei word dat daar 'n groter mate van positiewe as negatiewe belewing is.

Dit is egter opvallend dat die mins positiewe respons, naamlik of die respondent glo dat sy 'n beter moeder is vir haar kinders omdat sy skoolhou, teenstellend is met wat navorsers (vgl. Claesson & Brice) bevind het (3.5).

## 4.4 Verdere ontledings

Tweerigting frekwensie-ontledings is gedoen, waarin vrae 1 en 8 uit afdeling A met afdeling B vergelyk is. Daar is geen noemenswaardige afwykings gevind nadat onderwyseresse se jare onderwyservaring en ouderdom met rolkonflikbelewing in verband gebring is nie.

## 4.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is 'n deeglike uiteensetting gegee van die empiriese navorsing. Na aanleiding hiervan sal daar in hoofstuk 5 'n samevatting gemaak word, bevindinge sal aangetoon word en aanbevelings gemaak word.

# HOOFSTUK 5

## SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

### 5.1 Inleiding

In hierdie navorsing is die aard en mate van rolkonflikbelewing by die getroude onderwyseresse in die Natalse Onderwysdepartement empiries ondersoek. Dit is gedoen aan die hand van 'n literatuurstudie en gestruktureerde vraelys waarin die faktore wat rolkonflik veroorsaak, geïdentifiseer is.

### 5.2 Samevatting

In hoofstuk 1 is die belangrikheid van die studie aangedui. Uit die probleemstelling (vgl. 1.2) het drie vrae na vore gekom, naamlik:

* Wat is die aard van die getroude vrou se rol as moeder en onderwyseres?
* Wat is die aard van die rolkonflik tussen die rol as moeder en onderwyseres?
* Ervaar die onderwyseres self die sogenaamde rolkonflik?

Na aanleiding van hierdie probleemvrae is 'n literatuur- en empiriese studie uitgevoer.

In hoofstuk 2 is die aard van die vrou se rol in die samelewing bespreek. Verskillende begripsomskrywings, asook die aard van die

vrou se rol binne en buite die huis, is weergegee. Die verskillende fasette wat ingesluit word in die rolkonsep is verduidelik. Die afleiding is gemaak dat die getroude onderwyseres verskillende rolle het wat sy moet vertolk en dat sy binne hierdie rolle aan sekere rolverwagtinge moet voldoen.

In hoofstuk 3 is die aard van rolkonflik by die getroude onderwyseres van nader beskou. Die oorsake en gevolge van rolkonflikbelewing is bespreek. Ses terreine van intra- sowel as inter-rolkonflik is afgebaken. Faktore wat bydra tot rolkonflik binne hierdie ses terreine is geïdentifiseer.

Die empiriese ondersoek wat aan die hand van 'n gestruktureerde posvraelys onderneem is, is in hoofstuk 4 uiteengesit en die data wat bekom is, is vergelykenderwys ontleed. Op hierdie wyse kon vasgestel word watter faktore wat rolkonflik veroorsaak en in die literatuurstudie aangetoon is, in werklikheid by getroude onderwyseresse 'n bydrae lewer tot positiewe sowel as negatiewe rolkonflik.

## 5.3 Bevindinge

### 5.3.1 Bevindinge ten opsigte van navorsingsdoelwit 1

Ten opsigte van navorsingsdoelwit 1 (vgl. 1.3), naamlik die aard van die rol van die vrou as moeder en onderwyseres, is die volgende bevind:

* Die grootste persentasie getroude vroue beoefen tans ook

professionele beroepe (vgl. 2.5.2.1).

* Vroue neem al meer 'n leiersrol in hul beroepe in en daar word hoër eise aan hulle gestel as vroeër (vgl. 2.5.2.3 en 2.6.1).
* Die uitdagings wat aan die vrou gestel word, kan moontlik lei tot rolkonflik, stres en rolverwarring (vgl. 2.7).
* Haar beroep kan egter ook unieke geleenthede bied vir positiewe oordrag van kennis en professionele erkenning (vgl. 2.7).
* Dit is duidelik dat die aard van die vrou se rol in die samelewing kompleks is (vgl. 2.2 en 2.7).

### 5.3.2 Bevindinge ten opsigte van navorsingsdoelwit 2

Ten opsigte van navorsingsdoelwit 2 (vgl. 1.3), naamlik wat die sogenaamde rolkonflik tussen die rol as moeder en onderwyseres behels, is die volgende bevind:

* Daar is sprake van rolkonflik binne 'n spesifieke rol en tussen die verskillende rolle (intra- en inter-rolkonflik) (vgl. 3.3).
* Rolkonflik kan negatief of positief ervaar word (vgl. 3.3.2.4 en 3.5).
* Daar is verskillende faktore wat bydra tot die belewing van rolkonflik (vgl. 3.6).

### 5.3.3 Bevindinge ten opsigte van navorsingsdoelwit 3

Ten opsigte van navorsingsdoelwit 3 (vgl. 1.3), naamlik om

empiries te bepaal of die onderwyseres die sogenaamde rolkonflik self ervaar, is die volgende bevind:

* Tyd-verwante rolkonflik word die meeste deur die getroude onderwyseres ervaar (vgl. 3.3.2.2).

* Druk-verwante rolkonflik is ook 'n belangrike terrein van rolkonflikbelewing (vgl. 3.3.2.3).

* Die volgende faktore dra daartoe by dat die getroude onderwyseres negatiewe rolkonflik in 'n redelike tot hoë mate ervaar (vgl. tabel 4.9):
    * Tydrowendheid van nasienwerk (Item 26).
    * Tydrowendheid van buitemuurse aktiwiteite (Item 16).
    * Druk deur die rol as onderwyseres (Item 21).
    * Finansiële onsekerheid indien sy nie sou skoolhou nie (Item 23).
    * Tydrowendheid van lesvoorbereiding (Item 7).
    * Die verwagting van verskillende gedragspatrone tuis en by die skool (Item 11).
    * Tydrowendheid van klaskameraktiwiteite (Item 8).
    * Wanopvattings oor die rol van die vrou in die onderwys (Item 25).
    * Druk deur die moederrol (Item 24).
    * Geslagsdiskriminasie (Item 31)
    * 'n Wil om te ontvlug van huishoudelike take (Item 17).
    * Skuldgevoelens teenoor die gesin (Item 6).

* 'n Onvermoë tot selfverwesenliking as moeder (Item 1).

* Die volgende faktore dra daartoe by dat die getroude onderwyseres negatiewe rolkonflik in 'n geringe of geen mate nie ervaar:
    * Onderdanigheid aan eggenoot (Item 19).
    * Onvermoë tot beroepsgerigtheid na tydelike uittrede (Item 28).
    * 'n Behoefte aan rolmodelle (Item 13).
    * 'n Gebrek aan ervaring weens diensonderbreking (Item 22).

* Die volgende faktore dra daartoe by dat die getroude onderwyseres positiewe rolkonflik in 'n redelike tot hoë mate ervaar (vgl. tabel 4.10):
    * Voordeligheid van die onderwysberoep as gevolg van vakansies saam met haar kinders (Item 20).
    * Groter begrip vir skoolkinders (Item 27).
    * Tevredenheid oor die aanwending van kwalifikasies of opleiding (Item 5).
    * Bevoordeling van finansiële posisie (Item 16).
    * Groter begrip vir eie kinders (Item 2).
    * Interaksie met 'n verskeidenheid persone (Item 14).
    * Beter beplanning van aktiwiteite (Item 9).
    * Beter werksure (Item 4).
    * Tevredenheid met die dubbelrol, alles inaggenome (Item 12).
    * 'n Vermoë tot selfverwesenliking op professionele

vlak (Item 30).

* Verhoging van selfbeeld (Item 29).
* Groter reikwydte van erkenning (Item 3).
* Groter gelykheid aan 'n man (Item 15).
* Om 'n beter moeder vir haar eie kinders te wees (Item 10)

## 5.4 Aanbevelings

* **Aanbeveling 1:** 'n Indringende ondersoek behoort gedoen te word ten einde vas te stel hoe die getroude onderwyseres meer vrye tyd tot haar beskikking kan hê (vgl. 3.3.2.2).
**Motivering:** Getroude onderwyseresse ervaar 'n hoë mate van negatiewe rolkonflik as gevolg van te veel nasienwerk en buitemuurse aktiwiteite.

* **Aanbeveling 2:** Skoolhoofde behoort metodes na te vors waarvolgens daar minder druk op die getroude onderwyseres geplaas word by die skool (vgl. 3.3.2.3).
**Motivering:** Getroude onderwyseresse ervaar veral 'n hoë mate van negatiewe rolkonflik as gevolg van die druk wat op hulle geplaas word deur hulle rol as onderwyseres.

* **Aanbeveling 3:** Daar behoort in die toekoms in die onderwysbeplanning deeglik voorsiening gemaak te word dat daar nie gedurende vakansies inbreuk gemaak word op die getroude onderwyseres se tyd nie (vgl. 3.6).
**Motivering:** Die hoogste positiewe bydrae tot die vermindering van rolkonflik by die getroude onderwyseres,

is om vakansietye saam met haar kinders te wees.

* **Aanbeveling 4:** Die onderwysowerhede behoort steeds in tred te bly met salarisse ten einde tevredenheid by die onderwyserskorps te bewerkstellig (3.3.1.2).
  **Motivering:** Die bevoordeling van haar finansiële posisie is 'n sterk motiveringsfaktor by die getroude onderwyseres.

5.5 Slot

In hierdie navorsing is aan die lig gebring dat die getroude onderwyseres intra- sowel as inter-rolkonflik, positief sowel as negatief, ervaar. Aangesien die onderwys spesifiek te make het met die opvoedingshandeling, is daar verskeie faktore wat bydra tot die getroude onderwyseres se positiewe rolkonflikbelewing.

Dit blyk verder dat die faktore wat negatiewe rolkonflik veroorsaak, veral gekoppel kan word aan tydrowendheid van skoolaktiwiteite. Ten einde hierdie negatiewe rolkonflik uit te skakel, sal daar dus aandag gegee moet word aan hoe die getroude onderwyseres haar tyd meer oordeelkundig kan bestee.

Alhoewel daar deur sommige navorsers beweer word dat die getroude onderwyseres 'n hoë mate van rolkonflik ervaar, is die teendeel in hierdie navorsing bevind.

BIBLIOGRAFIE


BIKLEN, S.K. & BRANNIGAN, M.B. 1980. Women and educational leadership. Mass.: Lexington Books.

BOLGER, N., DELONGIS, A., KESSLER, R.C. & WETHINGTON, E. 1989. The contagion of stress across multiple roles. Journal of marriage and the family. 51(1):175-183.

BURTON, C. 1983. The biology of sex roles. (In Burns, A. 1983. The family in the modern world; Australian perspectives. Sydney: Allen & Unwin p.121-136.)

CAFFARELLA, R.S. 1988. The three faces of Eve (or Adam): The integration of "our other lives" with our careers. Paper presented at the Annual Meeting of the American Association for Adult and Continuing Education. 11p.

CAREW, J.V. 1980. Effective care-giving. (In Fantini, M.D. & Cardenas, R. Parenting in a multicultural society. New York: Longman p. 170-184.)

CHEN, M. & ADDI, A. 1992. Principals' gender and work orientations of male and female teachers. Paper presented at the Annual Meeting of the American Educational Research Association. San Francisco, April, 1992.

CHRISTENSON, L. 1977. Die Christen-gesin. Minneapolis: Bethany Fellowship.

CLAESSON, M.A. 1986. Teacher/mothers: problems of a dual role. Paper presented at the Annual Meeting of the American Educational Research Association. April 16-20, 1986.

CLAESSON, M.A. en BRICE, R.A. 1989. Teacher/mothers: effects of a dual role. American educational research journal, 26(1):1-23.

COFFEY, K.R. 1985. Solving family and work role problems: an academic department case study. Journal of home economics: p. 26-31.

CONLEY, S., BAS-ISAAC, E. & CANO, Y. 1992. Teachers' work roles and job stress: catalysts for burnout. Paper presented at the Occupational Stress Roundtable Annual Conference of the American Educational Research Association. April, 1992.

CONRADIE, A. 1983. Die rol van die moeder in kinderopvoeding. (In Venster op die gesin. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese studie p. 20-26.)

CRONJE, C. 1982. Rolkonflik by die beroepsvrou. Potchefstroom. 158p. (Verhandeling (M.A.) - PU vir CHO.)

CURCIO, J., MORSINK, C. & BRIDGES, S. 1989. Women as leaders: moving beyond the stage of powerlessness. Educational horizons, 67(4):150-155.

DE WITT, J.T. 1990. Die rol van die vrou in onderwysbestuur. (In Van der Westhuizen, P.C., red. Doeltreffende Onderwysbestuur. Pretoria: HAUM-Tersiêr. p. 535-612.)

FISHER, B. 1988. Wandering in the wilderness: the search for women role models. Signs, 13(2):211-233.

FLIPPO, E.B. 1976. Principles of personnel management. Tokyo: McGraw-Hill Kogakusha.

GEHRKE, N.J. 1982. Teacher's role conflicts: a grounded theory-in-process. Journal of teacher education, 33(1):41-46.

GERDES, L.C. 1988. Die ontwikkelende volwassene. Durban: Butterworths.

GOLDMAN, P. & CHANG, D. 1992. The consequences of role conflict and role ambiguity among junior high school administrators in Taiwan. Paper presented at the Annual Meeting of the American Educational Research Association. San Francisco, April 1992.

GRAMLEY, M. 1990. Providers' role perceptions and the design and delivery of family day care. Paper presented at the Annual Meeting of the American Educational Research Association. 28p.

GREENGLASS, E.R. & BURKE, R.J. 1988. Work and family precursors of burnout in teachers: sex differences. Sex roles, 18(3,4):215-229.

GREENHAUS, J. & BEUTELL, N. 1985. Sources of conflict between work and family roles. Academy of management review, 10:76-88.

GREENHAUS, J.H. & PARASURAMAN, S. 1989. Sources of work - family conflict among two-career couples. Journal of vocational behavior, 34(2):133-153.

GREYVENSTEIN, L.A. 1989. The development of women for management positions in education. Potchefstroom. 363p. (Proefskrif (D.Ed.) - PU vir CHO.)

GREYVENSTEYN, L.A. & VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 1992. South African women into educational management: an holistic approach. South African journal of education, 12(3):270-276.

GROSS, N. & TRASK, A.E. 1976. The sex factor and the management of schools. New York: John Wiley & sons.

HICKS, H.G. 1972. The management of organizations; a systems and human resources approach. New York: McGraw-Hill.

HICKS, H.G. & GULLETT, C.R. 1976. The management of organizations. New York: McGraw-Hill.

HILLEBRAND, I.H. 1989. Die werksmotivering van die onderwyseres. Potchefstroom. 201p. (Verhandeling (M.Ed.) - PU vir CHO.)

HOUSE, R.J. 1976. Management development. Ann Arbour: University of Michigan.

KAHN, S.E., LONG, B.C. & PETERSON, C. 1989. Marital and parental status and quality of life of female clerical workers. Canadian journal of counselling, 23(2):174-183.

KAST, F.E. & ROSENZWEIG, J.E. 1974. Organization and management; a systems approach. Kogakusha: McGraw-Hill.

KATZ, D. & KAHN, R.L. 1978. The social psychology of organizations. New York: John Wiley.

KING, T.J. 1981. Die nuwe rol van die vrou in die onderwysstelsel vir blankes in die RSA. Pretoria (Verhandeling (M.Ed.) - Universiteit van Suid-Afrika.)

KOBERG, C.S. & CHUSMIR, L.H. 1988. Relationship between sex role conflict and work-related variables: gender and hierarchical differences. The journal of social psychology, 129(6):779-791.

KROON, J. 1986. Algemene bestuur. Pretoria, Opvoedkundige Uitgewery.

LEMMER, E.M. 1987. An Educational strategy for the full utilisation of womanpower in the RSA. Pretoria (Verhandeling (M.Ed) - Universiteit van Suid-Afrika.)

LEONARD, P.Y. & PAPA-LEWIS, R. 1987. The Underrepresentation of women and minorities in educational administration: patterns, issues and recommendations. Journal of educational equity and

*leadership.* 7(3):188-207.

LEWIS, A.C. 1986. Partnerships connecting school and community. Arlington: American Association of School Administrators.

LOERCH, K.J., RUSSELL, J.E.A. & RUSH, M.C. 1989. The Relationships among family domain variables and work-family conflict for men and women. *Journal of vocational behavior,* 35(3):288-308.

MAHLER, S.R. 1989. How working single parents manage their two major roles. *Journal of employment counseling,* 26(4): 178-185.

MARSHALL, C. & MITCHELL, B.A. 1989. Women's careers as a critique of the administrative culture. Referaat gelewer by die jaarlikse Konferensie van die American Educational Research Association. San Francisco, Maart 1989.

MINTZBERG, H. 1973. The nature of managerial work. New York: Harper & Row.

MITCHELL,B. & CUNNINGHAM, L.L. *red.* 1990. Educational leadership and changing contexts of families, communities, and schools. Chicago: Univ. of Chicago.

NEL, W.M.J. & STEYN, G.H. 1985. Kinders grootmaak!? Pretoria: Opvoedkundige Uitgewers.

NEWMAN, W.H., SUMMER, C.E. & WARREN, E.K. 1972. The process of management. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

ORTIZ, I. & MARSHALL, C. 1988. Women in educational administration. (In Boyan, N.J. red. Handbook of research in educational administration. New York: Longman.)

OTTO, H. 1983. Kinders met kommunikasieprobleme. (In Venster op die gesin. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie p. 148-152.)

ROTH, H. 1983. Die ontwikkelingsfases van my kind. (In Venster op die gesin. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie p. 106-116.)

SAGARIA, M.A. 1989. Toward a woman-centered perspective of careers. Journal of employment counselling, 26(1):11-15.

SAS INSTITUTE INC. 1985. SAS user's guide: basics. 5th ed. Cary, NC: SAS Institute Inc.

SCHALEKAMP, L. 1982. "Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here" - maar hoe? (In Venster op die huwelik. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie p. 158-163.)

SCHEIN, E.H. 1972. Organizational psychology. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

SCHMUCK, P.A. 1987. Women educators: employees of schools in

Western countries. New York: State Univ.

SCHWAB, R.L., IWANICKI, E.F. & PIERSON, D.A. 1983. Assessing role conflict and role ambiguity: a cross validation study. Educational and psychological measurement, 43:587-593.

SHAKESHAFT, C. 1987. Women in educational administration. Newbury Park: Sage.

SMALL, S.A. & RILEY, D. 1990. Toward a multidimensional assessment of work spillover into family life. Journal of marriage and the family, 52:51-61.

SPENCER, D.A. 1984. The home and school lives of women teachers. The elementary school journal, 84(3):283-297.

SPENSER, D. 1986. Contemporary women teachers. New York: Longman.

STANSBURY, K., THOMAS, L. & WIGGINS, T. 1984. Women in leadership and implications for affirmative action. Journal of educational equity and leadership, 4(2):99-113.

STEYN, A.F. & BREEDT, A. 1977. Die veranderende gesin. Pretoria: Academica.

THELIN, A.A. 1992. Gender, principal leadership and professionalism. Paper presented at the Annual Meeting of the American Educational Research Association. San Francisco, April

1992.

TIEDJE, L.B., WORTMAN, C.B., DOWNEY, G., EMMONS, C., BIERNAT, M. & LANG, E. 1990. Women with multiple roles: role-compatibility perceptions, satisfaction, and mental health Journal of marriage and the family, 52:63-72.

TJOSVOLD, D. 1988. Putting conflict to work. Training and development journal, 4(8):61-64.

TORELLI, J.A. & GMELCH, W.H. 1992. Occupational stress and burnout in educational administration. Paper presented to the American Educational Research Association Conference. San Francisco, April 1992. 30p.

TULLY, K. 1989. A feminist redefinition of leadership. Report, 16p.

VAN DER WALT, B.J. 1985. Vrou en huwelik: in die Middeleeue, by Calvyn en by ons. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.

VAN DER WALT, S. 1986. Die vrou in die werksituasie in die RSA: 'n verwysingsraamwerk. Pretoria: RGN.

VAN DER WALT, S. 1987. Faktore wat die beroepsdeelname van getroude vroue beïnvloed. Pretoria: RGN.

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 1990. Doeltreffende Onderwysbestuur.

Pretoria: HAUM-Tersiêr.

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. & HILLEBRAND, I.H. 1990. Faktore wat die werkmotivering van die onderwyseres beïnvloed. Suid-Afrikaanse tydskrif vir opvoedkunde, 10(3):269-275.

VAN DER WESTHUIZEN, P.C., HILLEBRAND, I.H. & WISSING, M. 1992. Werksbevrediging by die onderwyseres. Tydskrif vir geesteswetenskappe, 32(1):40-51.

VAN NIEKERK, M. 1988. 'n Reformatoriese visie op die Feminisme en die posisie van die vrou. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.

VAN RENSBURG, K. 1981. Die kind en sy inskakeling by die hospitaal. (In Piek, J. Die kind en die hospitaal. Pretoria: HAUM p. 23-35.)

VAN WYK, C. 1983. Die werkende vrou. (In Venster op die gesin. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie p. 32-38.)

VOYDANOFF, P. & DONNELLY, B.W. 1989. Work and family roles and psychological distress. Journal of marriage and the family, 51:923-932.

VREY, J.D. 1979. Die opvoedeling in sy selfaktualisering. Pretoria: Univ. van Pretoria.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE
ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD
ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

NATALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
NATAL EDUCATION DEPARTMENT

Navrae/Enquiries: Mnr D V Bromley
Verw/Ref: 2/12/2/3
Tel (0331) 942351 x343

Natalse Onderwysgebou
Natal Education Building
Privaatsak X9044
Private Bag X9044
Pietermaritzburg 3200

20 April 1993

Mev M Murray
Hoërskool Ferrum
Privaatsak X6625
NEWCASTLE
2940

Geagte mev Murray

AANSOEK VIR TOESTEMMING OM NAVORSING IN SKOLE TE DOEN

U skrywe gedateer 26 Maart 1993 het betrekking.

In beginsel ondersteun hierdie departement u versoek om navorsing in verband met die beweerde rolkonflik by die getroude onderwyseres te onderneem. Toestemming om sodanige navorsing uit te voer is onderhewig aan die goeddunke van die betrokke skoolhoofde.

Dit sal waardeer word as 'n afskrif van u verhandeling aan hierdie departement beskikbaar gestel kan word. Stuur dit asseblief aan die Uitvoerende Direkteur, vir aandag: Navorsingshoof.

U word alle sukses met u navorsingsonderneming toegewens.

Die uwe

[signature]

UITVOERENDE DIREKTEUR: ONDERWYS

BYLAE B

Posbus 9282
Newcastle
2940
30 April 1993

DIE SKOOLHOOF

Meneer

NAVORSING: DIE BEWEERDE ROLKONFLIK BY DIE GETROUDE ONDERWYSERES

In opvolg van ons telefoongesprek op 30 April 1993, hiermee die beloofde vraelyste. Sal u asseblief so vriendelik wees om toe te sien dat elke onderwyseres op posvlak 1 en 2 wat self kinders het, hierdie vraelys invul?

Dit behoort nie langer as 15 minute per vraelys te neem nie. Ek verseker u dat dit anoniem sal bly en dat alle inligting vertroulik hanteer sal word.

'n Gefrankeerde koevert word ingesluit. Indien moontlik, sal ek bly wees as u die voltooide vraelyste binne 'n week aan my sal terugstuur.

Baie dankie vir u hulp en vriendelike gewilligheid.

Die uwe

M. Murray

Marietta Murray

VRAELYS / QUESTIONAIRE

AFDELING A / SECTION A

| VIR KANTOORGEBRUIK | | |
|---|---|---|
| VRAELYSNOMMER | | (1 - 3) |
| KAART NR | 1 | (4) |

**ALGEMENE INLIGTING** (Trek 'n kruisie in die toepaslike blokkie)
**GENERAL INFORMATION** (Mark where applicable)

1 Ouderdom / Age

| |
|---|
| 20 - 25 |
| 26 - 30 |
| 31 - 40 |
| 41 - 50 |
| 51 - 60 |
| 60 + |

(5)

2 Aantal kinders / Number of children

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Voorskool / Pre-school | | (6) |
| 2.2 | Junior primêr / Junior primary | | (7) |
| 2.3 | Senior primêr / Senior primary | | (8) |
| 2.4 | Junior sekondêr / Junior secondary | | (9) |
| 2.5 | Senior sekondêr / Senior secondary | | (10) |

3 Huwelikstatus / Marital status

| | | |
|---|---|---|
| Getroud / Married | 1 | |
| Geskei / Divorced | 2 | |
| Enkelouer / Single parent | 3 | |
| Weduwee / Widow | 4 | (11) |

4 Posvlak / Post level | 1 | 2 | (12)

5 Akademiese kwalifikasies / Academic qualifications

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | B-graad / B-degree | 1 |
| 5.2 | Honeurs / Honours | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.3 | M-graad / M-degree | 3 | |
| 5.4 | Doktorsgraad / Doctors degree | 4 | (13) |

6 Professionele kwalifikasies / Professional qualifications

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.1 | 2 jaar diploma / 2 years diploma | 1 | |
| 6.2 | 3 jaar diploma / 3 years diploma | 2 | |
| 6.3 | 4 jaar diploma / 4 years diploma | 3 | |
| 6.4 | Diploma in verdere onderwys | 4 | (14) |

7 Kategorie / Category

| | | |
|---|---|---|
| C | 1 | |
| D | 2 | |
| E | 3 | |
| F | 4 | |
| G | 5 | (15) |

8 Aantal voltooide jare ervaring in die onderwys / Number of completed years teachning experience

| | | |
|---|---|---|
| 0 - 3 | 1 | |
| 4 - 6 | 2 | |
| 7 - 10 | 3 | |
| 11 - 15 | 4 | |
| 16 - 20 | 5 | |
| 21 - 25 | 6 | (16) |

9 Aantal merietetoekennings tot dusver ontvang / Number of merit awards received to date

| | |
|---|---|
| 1 | |
| 2 | |
| 3 | (17) |

10 Huistaal / Language medium

| | |
|---|---|
| Afrikaans | 1 |
| Engels / English | 2 |
| Ander / Other | 3 |

(18)

11 Tipe skool / Type of school

| | |
|---|---|
| H1 | 1 |
| H2 | 2 |

(19)

12 Skoolmedium / Language medium

| | |
|---|---|
| Parallel | 1 |
| Dubbel | 2 |
| Enkel | 3 |

(20)

AFDELING B / SECTION B

AANWYSING VIR DIE VOLTOOIING VAN DIE VRAELYS

Hierdie navorsing is toegespits op onderwyseresse met kinders. Dit gaan hier oor die belewing van die rol as moeder, die rol as onderwyseres en die twee rolle gesamentlik. Verskillende ervarings van vroue in 'n dubbelrol is deur navorsing geïdentifiseer. U word versoek om die vraag te lees en daarna op die 4-punt skaal aan te dui in hoe 'n mate u dit ervaar.

INSTRUCTION FOR THE COMPLETION OF THE QUESTIONNAIRE

This research is applicable to female teachers who have children. The research concernes the experiencing of the mother, the role of teacher and the two roles together. Different experiences of women in dual roles have been identified by research. You are requested to read the question and then to indicate your personal awareness or experience on the 4-point scale.

| | | GEEN MATE / NO EXTENT AT ALL | GERINGE MATE / VERY SLIGHT EXTENT | REDELIKE MATE / FAIR EXTENT | HOë MATE / GREAT EXTENT | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **In watter mate: / To what extent:** | | | | | | |
| 1 | ervaar u 'n onvermoë tot selfverwesenliking as moeder? / do you experience a lack of fulfillment as a mother? | 1 | 2 | 3 | 4 | (21) |
| 2 | gee die feit dat u onderwys gee u groter begrip vir u eie kinders? / does tha fact that you teach give you greater understanding of your own children? | 1 | 2 | 3 | 4 | (22) |
| 3 | ervaar u 'n groter reikwydte van erkenning omdat u skoolhou? / do you experience a greater range of recognition because you teach? | 1 | 2 | 3 | 4 | (23) |
| 4 | is die onderwys spesifiek vir u voordelig agv beter werksure? / is teaching specifically advantageous to you because of better working hours? (more reasonable hours) | 1 | 2 | 3 | 4 | (24) |
| 5 | ervaar u tevredenheid omdat u u kwalifikasies/op-leiding kan aanwend? / do you feel satisfied because you are using applying your qualifications/ training? | 1 | 2 | 3 | 4 | (25) |
| 6 | ervaar u skuldgevoelens teenoor u gesin omdat u skoolhou? / do you experience feelings of guilt towards your family because you teach? | 1 | 2 | 3 | 4 | (26) |
| 7 | is lesvoorbereiding tydrowend? / is lesson preparation time consuming? | 1 | 2 | 3 | 4 | (27) |
| 8 | is klaskameraktiwiteite tydrowend? / are classroom activities time consuming? | 1 | 2 | 3 | 4 | (28) |
| 9 | dra u dubbelrol by tot beter beplanning van aktiwiteite? / does your dual role contribute to better planning of activities? | 1 | 2 | 3 | 4 | (29) |
| 10 | is u 'n beter moeder vir u kinders omdat u skoolhou? / are you a better mother to your children because you teach? | 1 | 2 | 3 | 4 | (30) |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 11 | vind u dat verskillende gedragspatrone van u verwag word tuis en by die skool? / do you feel that different behaviour patterns are expected from you at home and at school? | 1 | 2 | 3 | 4 | (31) |
| 12 | is u, alles inaggenome, tevrede met u dubbelrol? / are you, all things considered, satisfied with your dual role? | 1 | 2 | 3 | 4 | (32) |
| 13 | ervaar u behoefte aan rolmodelle? / do you experience a need for role models? | 1 | 2 | 3 | 4 | (33) |
| 14 | bevoordeel u werksituasie interaksie met 'n verskeidenheid persone? / does your work situation promote interaction with a variety of people? | 1 | 2 | 3 | 4 | (34) |
| 15 | ervaar u 'n groter gelykheid aan 'n man omdat u skoolhou? / do you experience equilty with men because you teach? | 1 | 2 | 3 | 4 | (35) |
| 16 | bevoordeel u werk u finansiële posisie? / does your job promote your financial position? | 1 | 2 | 3 | 4 | (36) |
| 17 | ervaar u 'n wil om te ontvlug van huishoudelike take? / do you experience a desire to flee from domestic chores? | 1 | 2 | 3 | 4 | (37) |
| 18 | is buitemuurse aktiwiteite tydrowend? / are extra-mural activities time consuming? | 1 | 2 | 3 | 4 | (38) |
| 19 | meen u dat 'n vrou onderdanig moet wees aan haar eggenoot? / do you believe a woman should be subservient to her husband? | 1 | 2 | 3 | 4 | (39) |
| 20 | is die onderwys spesifiek vir u voordelig agv vakansies saam met u kinders? / is teaching specifically advantageous to you because of holidays with your children? | 1 | 2 | 3 | 4 | (40) |
| 21 | ervaar u dat daar druk op u geplaas word deur u rol as onderwyseres? / do you experience pressure because of your role as teacher? | 1 | 2 | 3 | 4 | (41) |
| 22 | ervaar u 'n gebrek aan ervaring weens diensonderbreking? / are you aware of a lack of teaching experience as a result of a break in service? | 1 | 2 | 3 | 4 | (42) |
| 23 | sou u finansieel onseker voel indien u nie skoolhou nie? / would you experience financial uncertainty if you did not teach? | 1 | 2 | 3 | 4 | (43) |
| 24 | ervaar u dat daar druk op u geplaas word deur u moederrol? / do you experience pressure because of your role as mother? | 1 | 2 | 3 | 4 | (44) |
| 25 | bestaan daar nog wanopvattings oor die rol van die vrou in die onderwys? / do wrong impressions about the role of women in teaching skill exist? | 1 | 2 | 3 | 4 | (45) |
| 26 | is nasienwerk tydrowend? / is marking books time consuming? | 1 | 2 | 3 | 4 | (46) |
| 27 | ervaar u 'n groter begrip vir skoolkinders omdat u self 'n moeder is? / do you experience a greater understanding of school children because you are a mother? | 1 | 2 | 3 | 4 | (47) |
| 28 | het u 'n onvermoë tot beroepsgerigtheid ervaar na tydelike uittrede? / did you experience a lack of vocational direction after a temporary respite? | 1 | 2 | 3 | 4 | (48) |
| 29 | verhoog die onderwysberoep u selfbeeld? / does the teaching profession enhance your selfimage? | 1 | 2 | 3 | 4 | (49) |
| 30 | ervaar u 'n vermoë tot selfverwesenliking op professionele vlak? / do you feel fulfilled at professional level? | 1 | 2 | 3 | 4 | (50) |
| 31 | ervaar u geslagsdiskriminasie in die onderwys? / do you experience discrimination against women in teaching? | 1 | 2 | 3 | 4 | (51) |